Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## MEI/JUNIE 2025

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 30 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou* 

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy bestudeer het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys op bladsy 5 om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 tot 300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. 2025

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**


**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. "elegie vir my toekomstige vrou" | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. "Op sy branderplank" | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| 3. "Vroue van Vermeer" | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |
| 4. "Maaltyd" | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |

**EN**

**Ongesiene gedig: Verpligtend**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5. "Rivierstraat" | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |

**AFDELING B: ROMAN**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. *Onderwêreld* | Opstelvraag | 25 | 13 |
| 7. *Onderwêreld* | Kontekstuele vraag | 25 | 13 |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 16 |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 16 |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 19 |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 19 |
| 12. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 22 |
| 13. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 22 |

**AFDELING C: DRAMA**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 25 |
| 15. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 25 |
| 16. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 28 |
| 17. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 28 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAGNOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman<br>(Opstel of kontekstueel) | 6–13 | 1 | |
| C: Drama<br>(Opstel of kontekstueel) | 14–17 | 1 | |
| **LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik. | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**elegie vir my toekomstige vrou – André Letoit**

ek sal nooit die dag vergeet toe ek jou
ontmoet het nie (net soos in die
populêre liedjies)
:dit was op die skaatsbaan
of op die sessiondansvloer
of dalk by die biduur
(hoewel die soort
wat jy by bidure ontmoet
gewoonlik nie lank
hou nie)

ek het jou uitgeneem
op my motorfiets (boksburgmeer
of milky lane in hillbrow of
daai hippiekolonie in berea – ek
had altyd 'n voorliefde vir
hippiekolonies) en jy het
verlief geraak op my
toe jy my profiel in die
– nee wag – toe ek
in jou oor fluister
"ek smaak jou" (jou hare
het effens na kougom geruik – oh baby)

daarna het ek jou ouers ontmoet
hulle het my uit die huis uitgejaag
(vermoedelik vanweë my lang hare en baard –
uit die mode sedert jan van riebeeck en oom paul se tyd –
my tydsberekening is altyd verkeerd)

maar uiteindelik
het ons tóg getrou; jy was
so bly: niemand het opgedaag by die kerk nie
behalwe die dominee
en 'n paar assuransieagente
(onder andere my pa, saam met sy
vrou: gawe mense, darem,

as jy hulle leer ken; ongelukkig
ken ek hulle
nie so goed nie)

daarna het ons, soos altyd, saam
geleef (leef?) soos al die ander
mense (mense?) en
nie meer toptwintig
geluister nie;
ek het altyd gedog
ek was verlief op jou (hahaha!)
maar toe eers, toe vang ek
die hele triek:
alles gaan om skreeuende bybies
en kombuiskaste wat piep
en die huwelik is 'n duur prys om te betaal
vir 'n lewe vol platoniese dogmatiek

[Bron: *Suburbia* deur André Letoit, uitgegee deur Perskor]

Die titel, stylfigure en leestekengebruik word effektief in dié gedig aangewend om die spreker se ontnugtering met die huwelik oor te dra.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 tot 300 woorde. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Op sy branderplank – Petra Müller**

Hy waag hom weer teen horisonne.
Die see gooi son in teen sy sonne, maar skuimskuddend
deur die teug vlug hy na vore, hys hom
lugtig teen die stroom uit, en kom
staan-staan strand toe, groen
deursigtig en ook reeds gebore.

*

Die seun het see in sy mond. Hy weet
nie of dit bloed of water is nie: uit
spoeg hy dit. Met sy sagte tongpunt voel
hy wortels van sy tande af, en proe die lug
wat sag van land en kruie om hom labberlag.
Hy lig hom van die seeplank af; afwesig
skud hy nou sy kop – 'n blonde rob –
en snuit hom skoon
van wat hy was;

'n elegante, goed gesteelde lyf
wat eeue lank reeds
land toe dryf

[Bron: *Nuwe verseboek vir seniors*, Tafelberg, 1992]

2.1 Met watter DRIE afsonderlike werkwoorde in versreëls 1 tot 3 word die "hy" se stryd teen die natuur uitgelig? (3)

2.2 Watter gedagte oor die "hy" se stryd teen die natuur word deur middel van alliterasie in versreëls 4 tot 6 gesuggereer? (1)

2.3 Wat is die funksie van die agterplasing van "uit" in versreël 8? (1)

2.4 Dink jy die gebruik van sinestesie in versreël 10 en 11 is gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

2.5 Benoem die beeldspraak in versreël 13 EN verduidelik waarom dié spesifieke beeld geslaagd is. (2)

2.6 Wat, dink jy, word bereik met die insluiting van die woorde "eeue lank" (versreël 17) EN hoe sluit die gebruik van die kommapunt in versreël 15 hierby aan? (2)

**[10]**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Vroue van Vermeer – TT Cloete**

Dit is meestal 'n mooi jong vrou.
Meestal is sy alleen binnenshuis,
dalk met 'n wit veraf brief wat sy vashou,
naby, in 'n gloeiende klein hand
voor 'n kleiner of groter oop
venster. Daar kom 'n ligte geruis
van 'n wêreld aan uit 'n land-
of groter wêreldkaart
wat teen die muurvlak oorkant
hang, daar waar seestrome en wind loop
met haar land se ganse skeepvaart.
Sy staan, sy sit, sy buk oor kant,
sy droom of sluimer
in lig wat in vlokkies of korrels brand
of dof kaats in die ruimer
ruimte van 'n skildery of spieël of in 'n wynhouer
ivoor maak, of sy speel klavesimbaal
of sy loer oor haar skouer
en dra 'n sonnende pêrel teen haar nek
se skadu. En altyd is daar lig wat áfstraal
ín in die liefs klein afgemete vertrek,
oorvloedig, uit die oop grote
universum en wat die klein aardse geslote
stilte in die onmeetlike laat asemhaal.

[Bron: *Driepas*, Tafelberg, 1989]

3.1 Waarna verwys die "Dit" in versreël 1? (1)

3.2 Verwys na versreëls 2 tot 6.

3.2.1 Watter $17^{de}$-eeuse persepsie oor die vrou word deur die woorde "alleen binnenshuis" (versreël 2) uitgelig? (1)

3.2.2 Haal TWEE afsonderlike woorde uit dié versreëls aan wat met 'n wêreld buite die vrou se ruimte skakel. (2)

3.3 Hoe skakel die kontrasterende werkwoorde "hang" en "loop" in versreël 10 met die vrou se emosies? Verwys na beide woorde in jou antwoord. (1)

3.4 Verwys na versreëls 13 tot 18.

Watter stylfiguur kom voor met die herhaling van "of "? Evalueer die funksie daarvan en motiveer jou antwoord. (2)

3.5 Op watter TWEE maniere word die gedagte dat die lig van buite (versreël 20 en 21) haar wêreld binnedring, uitgehef? Waarom, dink jy, kan "asemhaal" as die hoogtepunt van die gedig beskou word? (3)

**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Maaltyd – PJ Philander**

Ou moeder met haar hoepelrokkie
en stywe kappie, staan hande gevou
in die vorm van 'n koperklokkie
vir smôrens, smiddags en vir nou.

Die blou bord en die skoon servet,
die helder bril, die Bybel oop,
en teen die hoë muur haar groot portret
hou my aan haar steeds vasgeknoop.

En op die gladde, blink buffet,
glimmend in die skerp lig van die lamp,
skyn sy nou in die seëngebed,
leef sy nou in die wasige damp.

Sy was eers goud, heel later silwer,
nou's sy koper waar sy staan,
maar met elke lui dan skilfer
af ... die grasgroenspaan.

[Bron: *Uurglas*, Nasionale Boekhandel, 1955]

4.1 Benoem EN verduidelik die beeldspraak in versreëls 1 tot 3. (2)

4.2 Watter stemming word deur die halfrym in versreël 4 oorgedra? (1)

4.3 Verwys na versreëls 5 tot 8.

Noem DRIE voorwerpe wat die spreker se herinnering aan sy ma lewendig hou. (3)

4.4 Verwys na versreël 11 en 12.

Dink jy hierdie versreëls dui op 'n afname in die herinnering aan die moeder? Motiveer jou antwoord. (1)

4.5 Watter TWEE betekenisvlakke van die gedig word in versreël 13 en 14 geïmpliseer? (2)

4.6 Evalueer die geslaagdheid van die titel van die gedig. Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**

**EN**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Rivierstraat – Neo Mehlomakulu**

Een oggend
was daar 'n begrafnis
vier huise van ons huis af
dit was 'n celebrity-suiplap se begrafnis
en al sy dronk tjommies het gekom
om hul laaste bier
en dronkverdriet
met hul gevalle god te deel
die oorledene se familie
het matching suits en rokke aangehad
met hul neuse in die lug
en fake trane wat by hul wange afgerol het
clearly net hier
om te kyk wat elkeen van hulle kon erf
die lykskouer en sy helpers het 'n cheap kis
uit die lykswa gerol
en soos robotte met die kis op hul skouers
die vuil jaart ingemarch
ek het skielik aan die huil geraak
nie omdat ek hartseer vir die oorledene was nie
maar omdat ek nie soos hy wou doodgaan nie:
arm, dronk en alleen

[Bron: *Litnet 2022*]

5.1 Verwys na versreëls 1 tot 3.

Waaroor handel hierdie gedig? Skryf slegs EEN woord neer. (1)

5.2 Waarom is dit ironies dat die oorledene as 'n "celebrity" (versreël 4) beskryf word? (1)

5.3 Die spreker verwys na die oorledene as "hul gevalle god" (versreël 8).

Hoe sluit hierdie woorde onderskeidelik by die dronk tjommies EN die familie se ander idee van die oorledene aan? (2)

5.4 Watter houding, dink jy, word met die beeldspraak in versreël 17 oorgedra? (1)

5.5 Verwys na versreëls 19 tot 22.

Is dit 'n geregverdigde afleiding dat die rede vir die spreker se trane hom/haar in dieselfde kategorie as die oorledene se familie plaas? Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (2)

5.6 "arm, dronk en alleen" (versreël 22)

Bewys dat die spreker se slotsom oor die oorledene in hierdie versreël akkuraat is met 'n aanhaling van twee woorde vir ELKEEN van hierdie eienskappe uit die gedig. (3)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### *ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Die titel van die roman is baie geslaagd.

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde in watter opsigte die roman se titel op die hoofkarakter se ervarings van toepassing is. **[25]**

### VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

Ek klop 'n paar ouens op die skouer. Dit is iets dié waarna jy uitsien van die eerste oomblik dat jy aan die ander kant uit die Tonnel kom: die oorgee van die ritueel.

En toe, tussen al die glimlaggende gesigte, val my oë op Eckardt. Ek stap na hom toe. Met 'n stem wat bo die ander ouens se opgewonde pratery uitstyg, sê ek: "Maar hier is mos nog 'n Trapper!"

Skielik word dit stil. Almal kyk nou na Eckardt.

"Hoe lyk dit, Eckardt, kan jý die skoollied sing?" vra ek, smalend.

"Ek sing nie," sê hy.

"O, maar dan het ek net die ding om jou tune te verander."

Die stilte om ons is oorweldigend. Ek weet alle oë is nou op my.

"Gee vir my nog 'n blinddoek." Ek voel die sagte lap in my hande. Span dit tussen gebalde vuiste. Stap om Eckardt. Stadig. Net toe ek die doek oor sy oë wil bind, draai hy sy lyf en stamp my hande weg.

"Hou hom vas!" skree ek.

'n See van hande gryp na Eckardt, anker hom op sy knieë daar voor my. Ek grynslag. Geniet elke oomblik. Trek die knoop styf agter sy kop. Ek hoor sy vinnige asemhaling, sien hoe die spiere in sy nek span. Toe begin ons hom draai. Hy val 'n keer, toe nog 'n keer. Maar hy sê niks nie. Om en om. Hande wat vat, los, vat, los.

Ek hoor die mangat se deksel oopgaan.

7.1 Na watter ritueel word in reël 2 verwys EN hoe sluit die Tonnel op letterlike vlak by die romantitel aan? (2)

7.2 Verwys na reëls 1 tot 5.

Waarom is dit enersyds geregverdig EN andersyds ongeregverdig dat Greg hier vir Eckardt 'n Trapper noem? Onder watter omstandighede maak Eckardt later in hulle vriendskap hierdie woorde op Greg van toepassing? (3)

7.3 Verwys na reël 7.

Waarom tree Greg op hierdie stadium van die roman "smalend" teenoor Eckardt op? (1)

7.4 Verwys na reël 14 en 15.

Watter afleiding kan die leser oor Greg se invloed in die skool op hierdie stadium van die roman maak? Wat was die hoofrede dat Greg se invloed in die skool verander het? (2)

**EN**

**TEKS B**

'n Sukses? Is dit nog enigsins moontlik?
Kan ek weer in die mindset kom waarmee ek die jaar begin het? Ek weet nie hoekom nie, maar selfs al voel ek en my pa soos vreemdelinge vir mekaar, is daar iets in my wat nog smeek vir my pa se aanvaarding. Iets wat hom nog tevrede wil stel. Maar dan is daar ook die ander deel van my wat wonder of enigiets wat ek doen, goed genoeg gaan wees vir hom. Sal daar ná alles nog meer verwagtinge wees waaraan ek nie sal kan voldoen nie?

Moet ek sy liefde en aanvaarding koop met my prestasies?

Sal ek John se skoene kan vol staan?

Die besluit is 'n tawwe een, maar dit is een waarby ek gaan hou. Ek gaan weer probeer. 'n Nuwe begin maak. Vir John. Vir my ma. En, ja, ook vir my pa.

Hierdie tyd van die oggend is al Clarens se galerye en ander winkels nog toe. Net by die gastehuise is daar lewe. Motors staan in die strate. Sommige van die bome wat in die somer so groen staan en skaduwees gooi, is nou kaal, maar Clarens het 'n sjarme wat min klein dorpies het.
Dis 'n plek wat mens tevrede laat voel met jouself. En dis seker waarna ons almal soek, uiteindelik.

Ek staan voor die Addy Hoyle Fine Art galery en kyk na binne deur die blokkiesvensters.

Die stem kom onverwags: "Terwyl Zeus, die heerser van Olimpus, slapend gevou lê in Hipnos se vlerke, strand sy seun, Herakles, se skip vandag weer op Kos."

Die beeld van iemand wat agter my staan, spieël in die winkelvenster.

7.5 Verwys na reël 1 en 2.

Noem DRIE aspekte van Greg se lewe wat hom aan die begin van die jaar laat dink het dat hy suksesvol is. Waarom is dit ironies dat Greg se pa hom aan die begin van die jaar as ruggraatloos bestempel? (4)

7.6 Waarom voel Greg dat hy sy oorlede broer John se skoene moet vol staan? (1)

7.7 Watter tipe verteller tree in reëls 1 tot 7 op? Is hierdie tipe verteller geslaagd? Motiveer jou antwoord. (2)

7.8 "En, ja, ook vir my pa." (Reël 11)

Onder watter wanindruk ten opsigte van sy pa verkeer Greg as hy dié besluit neem EN hoe dra die verskyning van die persoon in reël 22 daartoe by dat Greg se idee van sy pa versplinter word? (2)

7.9 Hoe verskil Greg se emosies ten opsigte van sy pa van dié van sy ma? Hoe dra Greg se pa enersyds EN sy ma andersyds daartoe by om hierdie verskillende emosies te veroorsaak? (3)

7.10 Verwys na die ruimtebeskrywing in reëls 12 tot 17.

Dink jy hierdie ruimtebeskrywing is funksioneel? Motiveer jou antwoord met TWEE feite. Het Greg op hierdie stadium van die roman rede om "tevrede" (reël 16) te voel? Motiveer jou antwoord. (3)

7.11 Verwys na reëls 20 tot 22.

Waarom herken Greg dadelik hierdie woorde? (1)

7.12 Herlees reëls 3 tot 14 van TEKS A en reëls 6 tot 9 van TEKS B.

Het Greg, volgens jou, enige karakterontwikkeling vanaf die gedeelte in TEKS A tot die retoriese vrae in TEKS B ondergaan? Motiveer jou antwoord. (1)
**[25]**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

Die titel van die roman is baie geslaagd.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde ten opsigte van Baas se ervarings. **[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

"Die vloek!" Baas vat nie die koffie nie.

"Ons het gistermiddag laat hier aangekom. Toe eers sien ons die geboue is verwoes." Oom Scholtzie balanseer die beker op 'n gelykte en kom sit langs Baas op die nat seil.

Grace kom met haar mukolo van Mubuyu af. Sy het haar kolletjiesrok aan. Sy knak haar knieë liggies en hou met al twee hande 'n toegeknoopte doekie na hulle toe uit.

"Dit is nog 'n bietjie warm. Groenmielies in die blare gekook." Sy glimlag. "Miskien sal muluti Malila ook daarvan hou."

"Dankie Grace, ek is honger." Oom Scholtzie knoop die doekie los.

"Ek is ook honger." Nanna sluit by hulle aan.

Grace maak vir Nanna 'n mielie skoon. Baas eet nie. Griesel sit in die Datsun; dit is sy tyd om Bybel te lees. Grace haal 'n opgevoude wit lap voor uit haar rok.

"Dit is die tablette wat ek in die nag saamgevat het Mubuyu toe," sê sy vir Baas.

Hy vat nie die pille nie.

"Dit was om vir die vrou te gaan gee wat met die slee ingebring is na Manaka toe, maar sy is nou al begrawe. Haar naam was Ester. Sy het my ouma se naam gehad. Sy was my niggie, die kind van my oorlede pa se suster Miriam."

Oom Scholtzie vryf sy oë. Hy sit sy mielie langs hom neer en hou sy twee hande na weerskante toe uit. Grace neem die een hand. Nanna neem Grace se hand. Baas gee nie sy hande om die kring te voltooi nie.

9.1 Na wie verwys Baas in reël 1 EN waarom is hy so ontsteld? (2)

9.2 Wat het die mense, wat saam met oom Scholtzie gekom het, op Manaka kom doen? (1)

9.3 Verwys na reël 5 en 6.

Watter TWEE rolle speel Grace in Baas se lewe? Bewys met voorbeelde uit die roman dat elkeen van hierdie rolle uiteindelik tot Baas se karaktergroei bydra. (4)

9.4 Griesel sit in die Datsun-bakkie en Bybel lees. (Reël 11 en 12)

9.4.1 Hoe verskil Griesel se optrede in TEKS C van sy latere optrede teenoor die Lozi's? Hoekom is hierdie houding van Griesel ironies? (2)

9.4.2 Nanna se optrede verskil van Griesel s'n. (Reël 10 en 19)

Verwys na 'n ander geleentheid in die roman waar haar optrede met dié van Griesel kontrasteer. (1)

9.5 Verwys na reëls 6 tot 17.

Watter tipe verteller tree in dié reëls op? Waarom, dink jy, is hierdie tipe verteller geslaagd in hierdie reëls? (2)

9.6 Verwys na reëls 1, 14, 19 en 20.

Waarom is dit enersyds geregverdig EN andersyds ongeregverdig om vir Baas as ongeskik te beskou? Wat is die eintlike rede hoekom hy in reël 20 nie teenoor dié mense wil reageer nie? (3)

**EN**

**TEKS D**

Dis lank stil in die slaaprondawel.

Baas maak die Bybel oop. " 'To our eldest son Dennis'," lees Baas vir Whitey wat op die binneblad staan. " 'On his 30th birthday. May our Father in heaven be with you on your journey and forever. From your father and mother Dennis and Jennifer Chipman. 29th October 1870.' "

Whitey sak op die bed neer. Hy vat die Bybel stadig uit Baas se hande en staar na die inskrywing. Dan kyk hy na die portret teen die muur en kom op sy voete.

"En hy was nie tien of twintig jaar hier in Barotseland nie, Baas Dennis Chipman," sê Baas. "Dit was nege en twintig jaar. Jy is reg. Dit was 'n tough old Canadian daardie."

Whitey gryp Baas vas.

Baas gee vir hom die Bybel. "Vat dit vir jou. Ek het nog een," sê hy.

"Die kos is reg," sê Grace in die deur.

Hulle sien gelyk die gloed bokant die kerk uitslaan.

Vlamme skiet hoog bokant die bome uit.

Hulle hardloop.

9.7 Onder watter omstandighede het Baas vir Whitey die eerste keer ontmoet? (1)

9.8 Verwys na reël 4 en 5.

Watter wanopvatting het Whitey oor sy oupa se identiteit gehad EN hoe dra Baas se inligting oor dié persoon daartoe by dat die verhouding tussen Baas en Whitey verander? (2)

9.9 Is Whitey se emosie in reël 10 geloofwaardig? Motiveer jou antwoord. Op watter tasbare wyse demonstreer Whitey hierdie emosie in die afloop van die roman? (2)

9.10 Verwys na reël 14.

Dink jy die ruimtebeskrywing is funksioneel? Motiveer jou antwoord met TWEE feite. Het Baas enige rede om vir hierdie treurspel verantwoordelik te voel? Motiveer jou antwoord. (3)

9.11 Verwys na reël 21 van TEKS C en reël 11 van TEKS D.

Slaag hierdie teksgedeeltes daarin om Baas as 'n buitestander uit te beeld? Motiveer jou antwoord deur afsonderlik na beide gedeeltes te verwys. (2)
**[25]**

**_VATMAAR_ – AHM Scholtz**

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 10: _VATMAAR_ – OPSTELVRAAG**

Die titel van die roman is baie geslaagd.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde teen die agtergrond van die ontstaan van Vatmaar en die Vatmaar-inwoners. **[25]**

**VRAAG 11: _VATMAAR_ – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS E**

… het Oom Chai gewoontlik die graaf gevat en vir die intrekker gesê: Nou vir water. Wanneer hulle oor die plek ooreengekom het, het Oom Chai gesê: Dankie, Here, vir die eer om die eerste graaf grond uit te spit. Dan het al Vatmaar se mans, oud en jonk, help grawe, en voor sononder het Vatmaar een put by gehad.

Rommel rondgooi was daar nie. Elkeen van ons het 'n vuilgoedgat op 'n hoek van sy erf gehad en alle rommel is daarin gegooi, met die as van die dag se vuur bo-op.

Daar was toe nog nie 'n kerk of poliesstasie om vrees in onse gemoedere te blaas nie. Geen sokkerspan en danssaal om onse aandag af te trek nie. Geen dokter en prokureur om op staat te maak nie. Daar was net veldpaaie, met gate wat vanself toegaan as dit reën. En oral was daar kortpaaitjies.

Vatmaar was arm, en tog het ons nie armoede geken nie. Ek kan nie onthou dat ek ooit 'n swanger ongetroude meisie gesien het nie. Daar was meer kinders as grootmense. Oupas het altyd gesê: Ek kan nog altyd daai klein werkie doen.

Sterfgevalle was ver uitmekaar maar elke nou en dan is daar 'n baba gebore. Niemand is dood aan kanker nie want dit was rykmansiekte, maar teen witseerkeel het kinders nooit 'n kans gehad nie. En daar was twee soorte tering: die vette en die mare.

Onse kinders het oorgenoeg gebaklei, maar as onse ouers stry gekry het, het hulle vir mekaar gesê: Pas op, die bure hoor jou.

11.1 Verwys na reël 2 en 3.

Op watter TWEE maniere het oom Chai probeer seker maak dat die kinders van Vatmaar gelowig grootword? (2)

11.2 "… en voor sononder het Vatmaar een put by gehad." (Reël 4)

Watter Vatmaar-karakter se put het uiteindelik aan al die mense van Vatmaar water verskaf? (1)

11.3 Verwys na reël 7.

In watter opsig is dit enersyds geregverdig EN andersyds ongeregverdig dat die kerk en die polisiestasie in dieselfde sin genoem word? Waarom was dit te verstane dat die dorp met die naam Vatmaar nie 'n polisiestasie het nie? (3)

11.4 Verwys na reël 8 en 9: "Geen dokter en prokureur …"

Noem EEN karakter wat op Vatmaar gesterf het omdat daar nie 'n kliniek was nie. (1)

11.5 "Vatmaar was arm, en tog het ons nie armoede geken nie." (Reël 11)

Bewys met VIER feite uit die roman dat Oom Chai finansieel selfversorgend was. (4)

11.6 Verwys na reëls 5 tot 18.

Dink jy die agtergrondbeskrywing oor die lewe in Vatmaar is funksioneel? Motiveer jou antwoord met TWEE feite. Watter reaksie lok hierdie beskrywing oor Vatmaar by jou as leser uit? Motiveer jou antwoord. (3)

11.7 Watter tipe verteller tree in TEKS E op? Dink jy hierdie tipe verteller is geslaagd in hierdie reëls? Motiveer jou antwoord. (2)

**EN**

**TEKS F**

Die kapkar het 'n halfdeurtjie gehad en toe Tant Wonnie daaroor leun sien sy Johnny September staan amper reg voor die perd. Asseblief, asseblief, Mineer Jones. Asseblief, Mineer. Kyk, my vrou kan nie meer loop nie, soebat hy.

Tant Wonnie het haar kop teruggetrek om te luister sonder dat sy gesien word.

Haar arme voete is vol blase. Mineer, wees dan tog genadig. Hy het sy hande voor hom gehou soos iemand wat bid: Asseblief, Mineer, ek kan loop, vat net my Settie saam. Sy is 'n eerlike vrou. Die Here sal Mineer Jones seën.

Tant Wonnie het gesien Johnny September staan so naby die perd dat dié nie kan vorentoe loop nie.

Ek het jou vrou nou net sien stap asof daar niks met haar voete verkeerd is nie. Toe moet sy die perd gehoor het, want sy het omgekyk en toe kyk jy om. En toe sien ek sy trek haar skoene uit en maak of haar voete seer is. Ek ken jou baie goed, jy het altyd 'n slimstorie te verkoop. Maar ek sal julle vir twee sjielings oplaai, sê Stoffel Jones.

Ek het nie 'n enkele pennie op my nie, Mineer Jones, antwoord Johnny. Ek sal Mineer betaal wanneer ons in Vatmaar kom.

Nee, nooit nie. Ek vertrou jou nie. Ek sal dit een sjieling maak of anders gebruik ek my sweep – eers op jou en dan op die perd. En waar is die geld waarvoor jy daai goue trouring verkoop het wat jy sê jy opgetel het?

11.8 Van waar af kom die kapkar? (1)

11.9 Hoe verskil Tant Wonnie en Johnny September se optrede teenoor hulle medemens? Watter TWEE lesse kon Suzan uit Tant Wonnie se optrede, wat direk ná TEKS F volg, leer? (3)

11.10 Verwys na reël 17 en 18.

Hoe skakel die trouring met die titel van die roman? (1)

11.11 Watter TWEE rolle speel die goue trouring (reël 17 en 18) in die verbetering van Tant Wonnie se omstandighede? (2)

11.12 Lees reël 3 en 4 van TEKS E en reëls 10 tot 13 van TEKS F.

Watter karaktereienskap van die mense van Vatmaar word in TEKS E uitgelig? Dink jy 'n mens kan Stoffel Jones van harteloosheid beskuldig in TEKS F? Motiveer jou antwoord. (2)
**[25]**

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE*** **– Eleanor Baker**

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 12: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG**

Die titel van die roman is baie geslaagd.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde ten opsigte van die hoofkarakter se ervarings. **[25]**

**VRAAG 13: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

My ouma (Ma se ma) het in engele geglo. Nie net die soort waarvan 'n mens in die Bybel lees en wat gewoonlik in kore gesing het nie, maar die soort wat van tyd tot tyd op aarde kom kuier en met sekere mense gesels.

Sy was in die hospitaal toe die Engel haar die eerste keer besoek het. Van die skrik het sy een van die pypies losgeruk sodat die vloeistof op haar beddeken gedrup het. Sy het die storie dikwels vir my vertel. Net vir my. Elsa en Kara en Ma sou nie verstaan nie, het sy gesê. Hoe die pypie wind gesluk het en hoe bang sy was die verpleegster kom in en raas met haar.

"Maar wat het die Engel vir Ouma gesê?" het ek altyd gevra.

" 'Dis goed,' het die Engel gesê."

"Net dit?"

"Net dit. Ek wou my hand uitsteek en aan hom raak, maar hy was dun, die bak blomme wat jou ma-hulle gestuur het, het klaar deur sy klere geskyn. Terwyl ek na hom gekyk het, het die tierlelies deur sy rok gewys. Toe was hy weg."

Dit was 'n wonderlike storie. "Hoe het Ouma geweet hy is 'n man?" Ek het engele altyd as vroulik ervaar, mooi meisies met lang golwende hare. Soos Kara. Kara was jaar na jaar die hoofengel in die skoolkonsert.

"Sy gesig, sy gesig. Hy was 'n man."

"Het Ouma nooit vir iemand anders vertel nie?"

"Nee!" het sy ontsteld gesê. "Ons is Gereformeerd, ons glo nie aan geeste nie."

13.1 In reël 1 word verwys na Iris se ouma wat aan engele geglo het.

Watter invloed het die engel op haar ouma se huwelik gehad? (1)

13.2 "Net vir my." (Reël 6)

Watter gedagte word met hierdie kort sin geïmpliseer EN hoe skakel hierdie woorde met Iris se persepsie oor haar rol in die huisgesin? Motiveer waarom dié woorde nie waar is nie. (3)

13.3 Verwys na reëls 4 tot 8.

13.3.1 Ná watter gebeurtenis het die Engel die eerste keer aan Iris verskyn EN het Iris se reaksie op sy verskyning ooreengestem met haar ouma s'n? Motiveer jou antwoord. (2)

13.3.2 Watter boodskap het die Engel vir Iris tydens die eerste verskyning gegee EN tot watter wanpersepsie ten opsigte van die Engel se rol in haar lewe het hierdie boodskap gelei? (2)

13.4 Daar is herhaalde verwysings dat die Engel van tradisionele engele verskil.

Hoe beïnvloed hierdie verwysings die leser se verwagting oor Iris en die Engel se verhouding? (1)

13.5 Verwys na reël 20.

Watter persoon buite Iris se gesin openbaar dieselfde gesindheid teenoor engele as wat haar Ouma hier handhaaf? Noem nog TWEE karakters wat ook skepties oor die Engel se bestaan was. (3)

**EN**

**TEKS H**

"Jou ouers moes jou nooit Iris gedoop het nie," het Peter skielik losgetrek. "Hulle moes jou Anna of Marie genoem het."

"Ken jy 'n Marie?" het ek gevra toe ek skielik van my droom onthou.

"Nee, dit was net 'n voorbeeld. As jou naam Marie was, het jy nie so vol idees rondgeloop nie."

"Dis nie net die naam nie, dis my lewensfilosofie. Kara blom van sy haar Claude gekry het. Elsa blom ..." Daar het ek my vasgeloop.

"Ja?" het hy my aangehits. "Waar blom sy? In die kombuis waar sy haar vrieskas alfabeties georganiseer het, skaapvleis voor varkvleis en beesvleis heel eerste?"

"Ek weet nie. Maar kyk nou maar na my pa van hy op die plaas is. En Ma ..."

"Ja?" het hy gekoggel. "Jou teorie is net op elke tweede mens van toepassing. Wat van jou ma?"

"Miskien was haar blomtyd toe sy kinders gekry het."

"Nee," het hy ferm gesê. "Jy het my self vertel sy sou nie eens onthou het om julle bottels warm te maak as Johanna nie daar was nie. Sy kan nie beskuit bak sonder om die suurdeeg te vergeet en kluitjies uit die oond te haal nie."

Ek het my oë voel water, maar dit kon gewees het omdat die bestuurder sy ruit afgedraai het om iets vir 'n kollega langs hom by die verkeerslig te skree. "Jou ma het vir jou beskuit en konfyt saamgestuur," het ek vir hom gesê. "Moenie dat ek vergeet om dit vir jou te gee nie."

13.6 Binne watter ruimte bevind Iris en Peter hulle in TEKS H? Hoe dra die fotograaf binne hierdie ruimte enersyds tot Iris se innerlike konflik EN andersyds tot uiterlike konflik tussen Iris en Peter by? (3)

13.7 Verwys na reël 6 en 7.

Behalwe vir die blombetekenis van haar naam, noem nog twee betekenisse van die naam Iris EN verklaar waarom elkeen afsonderlik vir Iris groot betekenis het. (4)

13.8 Die Claude-karakter word gebruik om enersyds Iris se gesin se siening oor Claude in die politieke situasie ten tye van die roman EN andersyds Johanna se sienswyse oor Claude te ironiseer. Stem jy saam? Motiveer jou antwoord deur na beide aspekte onderskeidelik te verwys. (2)

13.9 In reëls 8 tot 16 kritiseer Peter onderskeidelik Iris se suster Elsa EN haar ma.

13.9.1 Op watter teenstrydige karaktereienskappe van hierdie twee vroue lê Peter hier klem? (2)

13.9.2 Watter EEN van hierdie twee vroue, sou jy sê, ondergaan die grootste karakterverandering ten opsigte van die eienskap wat in die uittreksel genoem word? Motiveer jou antwoord. (1)

13.10 Verwys na reëls 1 tot 3 van TEKS G EN reël 3 van TEKS H.

Beide die Engel en Iris se drome/fantasieë het 'n groot invloed op Iris se lewe. Evalueer watter EEN die grootste invloed op Iris se lewe uitoefen. Motiveer jou antwoord. (1)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Bespreek, in 'n opstel van 400 tot 450 woorde, watter rol die ruimte in dié drama ten opsigte van die Cavernelis-gesin se behoefte aan bevryding speel. **[25]**

### VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS I**

| | |
|---|---|
| LA GUMA: | ... Never mind lat julle nie amenities en facilities in die township het nie! Dááí's group areas legislation, mister Cavernelis. Group areas, ha! More like prisons, big bloody prisons! |
| CAVERNELIS: | Nou kan jy sien, mister La Guma, dis hoekom ek en Maudie en Blanchie hierso wil weg. Dis hoekom ek en my gesin hierso uit wil kom ... |
| LA GUMA: | Hierso ytkom? You must be joking, mister Cavernelis! Or maybe you're lucky, maybe. Jy't nou 'n opportunity ge-strike om geld te maak, but the others? The others? ... Under the bread-line, man, they live under the ... bread-line, hulle hele dêm lewe lank. En hulle move nooit op nie! Liewerste ónner toe! Kyk, jy word hierso gebore onder die bread-line … en jy vrek hierso onner die bread-line ... Moet poverty, en al die misery, en al die crime, robbery, rape, en murder ... |
| CAVERNELIS: | Dis hoekom ek en Maudie en Blanchie hierso wil weg! |
| LA GUMA: | Best of luck to you, mister Cavernelis. Jy maak geld om hierso yt te briek. Best of luck. Maar 'is 'n sterk tronk dié. Kyk, die tralies! *(Hy trek regaf strepe in die lug, met albei hande, en wys na die geboue in die omgewing.)* |
| CAVERNELIS: | Anyway, dis hoekom ons seker nie nou gaan worry met 'n shower in die huis nie, mister La Guma. Dis 'n onnodige uitgawe, op 'n huurhuis. |
| LA GUMA | *(luister nie)*: 'n Sterk tronk, sê ek ... |
| CAVERNELIS | *(plaas die tou in La Guma se hande terug, maar dié let dit skaars op)*: Ja ... |
| LA GUMA: | Nou is Map Jacobs ook terug ... |
| | *Cavernelis sê niks.* |

15.1 Teen watter politieke agtergrond speel hierdie drama af? (1)

15.2 Gee DRIE redes waarom Cavernelis nie tydens vorige geleenthede met La Guma wou gesels nie. (3)

15.3 Waarom gebruik mister Cavernelis die verkleiningsvorm as hy van Maud in reël 4 en 5 praat? (1)

15.4 Verwys na reël 5 en 6.

Dink jy dit is effektief dat Cavernelis hierdie woorde in reël 15 herhaal? Motiveer jou antwoord. Watter TWEE planne maak Cavernelis en sy gesin wel om uit die township te kom EN waarom sal hierdie droom van hulle nooit waar word nie? (4)

15.5 "Kyk, die tralies!" (Reël 17)

Met watter emosie sê La Guma hierdie woorde? (1)

15.6 Hoe dra die dialoog en neweteks in reëls 14 tot 26 onderskeidelik by tot die leser se afleiding dat Cavernelis en La Guma by mekaar verbypraat? (2)

**EN**

**TEKS J**

| | |
|---|---|
| CYRIL: | Well, as ons sê hy's 'n nice boy nou, dan werk 'ít goed vir hom yt, by die parole-board, jy wiet! |
| RICHIE: | O … |
| | *Hulle speel.* |
| RICHIE: | Maar nou, wat poke sy haar nies oek by ons ammal in? |
| CYRIL: | Daai's haar job, man! Nou concentrate nou op jou kinners! |
| | *Hulle speel.* |
| CYRIL: | Sy's 'n nice tootsie, gehoor … |
| RICHIE: | Miss Africa? Hê, moenie ideas kry nie, man. Sy's 'n social worker … |
| CYRIL: | So what?! Sy's nog altyd 'n … jy wiet mos wat oek! |
| RICHIE: | Hê, moenie so praat nie, man! |
| CYRIL: | Kry jy die vibes? |
| | *Hulle lag. Speel.* |
| TOMMY: | Skaam vir julle! |
| CYRIL: | Aag, bugger off, Tommy, man, altyd so heilag, asof jy nog nooit … |
| TOMMY: | Wat? Wat? |
| | *Cyril en Richie lag.* |
| CYRIL: | Ou Tommy, soes 'ie Ingelsman sê, you haven't got what it takes, man! Jy moet jou bangles! *(Lag brutaal.)* |
| RICHIE: | Moenie gemien wies nie, ou swaer … |
| | *TOMMY is hard besig om sy ware op te vryf.* |
| | *Cyril en Richie speel voort.* |
| | *Dan verskyn Willy la Guma – soos altyd "jogging" of "skipping".* |
| CYRIL: | Aggenee … Kyk wie's hie' … Mister physical fitness himself … |
| RICHIE: | A healthy mind in a healthy body, like! Jy wiet mos! |
| CYRIL: | En al daai talk! |
| RICHIE: | Cool it! |
| CYRIL | *(sagter)*: So 'n … Altyd so slim … wiet alles, moet die blêdie rooi track suit aan! |
| RICHIE: | Ja, sil sweer sy ma het geboorte gegee aan hom in 'n rooi track suit! |
| | *La Guma is nou by hulle.* |
| LA GUMA: | Hey, Richie! Cyril! Hoe gaan 'it? … Julle all right? |
| RICHIE | *(teësinnig)*: Ja … |
| CYRIL | *(onvriendelik)*: 'Is okay, man! |
| LA GUMA: | Ek wil … nou nie criticise nie, maar … Kerrim … julle speel so baie kerrim … What a waste … I mean, of time … and talent … |

15.7 Van wie praat Cyril in reël 1? (1)

15.8 Dink jy Miss Africa speel 'n belangrike rol in die drama? Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (2)

15.9 Watter karaktereienskap van Cyril blyk uit sy woorde oor Miss Africa in reël 8? Dink jy daar is 'n ooreenkoms in sy siening van Miss Africa en hoe hy oor Blanchie praat? Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (3)

15.10 Verwys na Cyril en Richie se woorde in TEKS J.

Wie van Cyril of Richie toon in sy woorde in reëls 1 tot 20 'n sin vir regverdigheid? Motiveer jou antwoord. Waarom kan Richie se woorde in reël 30 as ironies beskou word? (2)

15.11 Verwys na reël 35 en 36.

By watter tema van die drama sluit die kerrimspelery aan? Watter ander karakter in die drama kritiseer ook hierdie kerrimspelery? Hoe verskil La Guma en die ander karakter se redes waarom hulle die kerrimspelery kritiseer? (3)

15.12 Herlees reël 26 van TEKS I en reël 35 en 36 van TEKS J.

Watter gemeenskaplike oogmerk het La Guma met sy woorde aan Cavernelis in TEKS I en aan Cyril en Richie in TEKS J? Met wie bereik La Guma sy doel? Motiveer jou antwoord. (2)
**[25]**

***MIS* – Reza de Wet**

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG**

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde watter rol die ruimte in dié drama ten opsigte van Miem en Meisie se behoefte aan bevryding speel. **[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS K**

| | |
|---|---|
| MIEM: | Jy't reg opgetree, Gertie. Vanaand moet ons almal saamstaan. |
| MEISIE: | Gisteraand het ek ook 'n uil gehoor. In die boom net voor my venster. |
| MIEM: | My arme kind. Maar moet jou nie bekommer nie. |
| GERTIE: | Ek wil tog nie moeite wees nie. |
| MIEM: | Nee wat, Gertie, dis geen moeite nie. Jy kan op die klein bedjie in my kamer slaap. Meisie, neem solank juffrou Gertie se goed kamer toe. |
| MEISIE: | Ja, Ma. *(Tel die hoed en die tassie op en verdwyn deur die gangdeur)* |
| GERTIE: | *(roep agter haar aan)* Dankie, Meisie! |
| | *'n Sagte huilwind word gehoor.* |
| MIEM: | *(sag)* Ek is bly jy is veilig hier by ons, Gertie. *(Kyk vlugtig na die gangdeur)* As ek net dink aan die moordenaar ... die verkragter ... wat weer vannag deur die dorp sluip ... op soek na sy prooi. |
| GERTIE: | *(gril)* Jy gee my skoon die rillings, Miem. |
| MIEM: | Dit is net die onsekerheid. Waar sal hy toeslaan? Wie sal dit wees? |
| GERTIE: | Hoe aaklig! Maar dan is daar natuurlik dié wat sê ons maak te veel van die ding. Dat Tok Pieterse se Rienie en Hannah Koen se Sannie maar net weggeloop het … uit ontevredenheid … en frustrasie. |
| | *Terwyl MIEM verder praat, kom MEISIE weer binne, gaan sit en werk verder.* |
| MIEM: | Ek wil dit nie hoor nie. Ek wil dit nie weer hoor nie! Dit ontstel my te veel. Al die arme sotte wat nie die gevaar besef nie. *(Snork)* Op pad hierheen het jy seker die tent net buite die dorp gesien? |
| GERTIE: | Ja. En baie mense wat toustaan om in te gaan. |
| MEISIE: | *(opgewonde)* Is daar baie liggies en is die tent groot? |

17.1 Waarna verwys Miem in reël 1 as sy sê: "Jy't reg opgetree, Gertie."? (1)

17.2 Op watter datum vind hierdie gesprek plaas EN waarom is dit belangrik dat almal moet "saamstaan" (reël 1)? (2)

17.3 Verwys na Meisie se woorde in reël 2.

Watter verwagting ten opsigte van die verloop van die drama word deur Meisie se woorde geskep? Dink jy hierdie verwagting word gedurende die aand bewaarheid? Motiveer jou antwoord. (2)

17.4 Wat word die skuinsgedrukte teks in reël 9 genoem? Watter stemming word deur die "huilwind" in reël 9 geskep? (2)

17.5 Verwys na reël 10.

In die lig van latere gebeure, waarom is dit ironies dat Miem dink dit is veilig binne haar huis? (1)

17.6 Op watter wyse beïnvloed Miem se besluit dat Gertie by haar in die kamer kan slaap die afloop van die drama? (1)

17.7 Verwys na reëls 16 tot 19.

By watter tema van die drama sluit hierdie woorde aan? (1)

**EN**

**TEKS L**

| | |
|---|---|
| | *Die geblaf van die honde is nou sagter en word nog sagter totdat dit na sowat tien spreekbeurte glad nie meer hoorbaar is nie.* |
| MIEM: | *(kwaai)* Gertie, kom weg daar by die venster en trek die gordyne toe. 'n Mens weet nooit wie vir ons kan staan en loer nie. |
| MEISIE: | Dink Ma so? Dink Ma daar's iemand daar buite? |
| MIEM: | Kan wees. 'n Mens weet nooit. *(Gerusstellend)* Maar moet jou tog net nie ontstel nie. Dan slaap jy weer sleg. Ek is seker jy hoef nie bang te wees nie. Wagter sal ons darem waarsku. En dan is daar natuurlik die konstabel. |
| | *Die KONSTABEL se stok val. GERTIE tel dit vinnig op en gee dit vir hom.* |
| GERTIE: | Daar's hy, Konstabel! |
| KONSTABEL: | Baie dankie, Juffrou. |
| GERTIE: | Dit is 'n plesier, Konstabel. *(Giggel. Sien vir MEISIE wat 'n sak op die stapel sit)* Die arme kind wat so laat moet werk … Sy is seker doodmoeg … Ek dink sy behoort te gaan slaap. Is jy moeg, Meisie? |
| MEISIE: | Ja, ek is. |
| GERTIE: | En jou ma is ook glad nie gesond nie. Sy het ook haar rus nodig. Miem, hoekom gaan slaap julle twee nie? Ek sal die konstabel vir 'n rukkie geselskap hou. |
| MIEM: | *(onwillig)* Nou ja, dit is seker laat. En môre moet ek douvoordag op wees om 'n ogie te hou *(wys na sakke)* oor die misbesending. Sien ons u môreoggend, Konstabel? |
| KONSTABEL: | Ek is jammer, maar na twaalf is ek weer vort. |

17.8 Verwys na reël 1 en 2.

Waarom is dit gerusstellend vir die vroue om die honde te hoor blaf EN watter verband is daar tussen dié honde en Konstabel se teenwoordigheid? (2)

17.9 Verwys na reël 3 en 4 EN reëls 6 tot 9.

Identifiseer 'n karaktertrek van Miem uit ELKEEN van hierdie spreekbeurte. Watter rol speel die karaktertrek uit reël 3 en 4 in Meisie se behoefte aan bevryding? (3)

17.10 Verwys na die spreekbeurt in reëls 14 tot 16.

Watter gedagte oor haarself probeer Gertie met hierdie woorde aan Konstabel oordra? Wat, dink jy, is die werklike rede hoekom sy van Meisie probeer ontslae raak? Is dit funksioneel dat Gertie in reël 14 "giggel" as sy met Konstabel praat? Motiveer jou antwoord. (3)

17.11 Verwys na reël 24.

Watter voorafreëling het Konstabel getref dat hy met oortuiging kan sê hy is "na twaalf … weer vort"? Watter rol het Miem ten opsigte van hierdie voorafreëling gespeel EN waarom is die gedagte vir Miem aanvaarbaar dat hy na twaalfuur die nag weer sal vertrek? (3)

17.12 Verwys na reël 3 van TEKS K en reëls 5 tot 9 van TEKS L.

Om watter TWEE redes dink Miem in TEKS K dat sy werklik vir Meisie sal kan beskerm? Watter aanduidings was daar reeds in die motoriese moment dat Miem nie regtig op Wagter EN op Konstabel (TEKS L) kan staatmaak nie? (4)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS HUISTAAL V2**

**MEI/JUNIE 2025**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 55 bladsye.**

**RIGLYNE VIR NASIENERS**

1. Indien 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. Indien 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. Indien 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Indien 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. Indien 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. Indien antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. Indien 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. Indien die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   Indien die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy hom-/haarself gepenaliseer het. Indien die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   Indien 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

12. Vir hierdie eksamen geld die volgende eksamenriglyne vir die opstelvraag:
    - Lees die opstelvraag die <u>eerste maal</u> en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
    - 'n Reeks treffende argumente is stellings wat met:
      - relevante verduideliking gemotiveer word./
      - korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
      - geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
    - 'n Treffende argument is **nie** noodwendig in die formaat **punt, verduideliking én illustrasie nie**.
    - Lees die opstelvraag 'n <u>tweede maal</u> om die struktuur en taal te assesseer. Taalfoute word met onderstreping aangedui.

    Die aantal kodes in die opstelvraag word **nie** getel om 'n bepaalde punt by inhoud toe te ken **<u>nie</u>.**

**AFDELING A: GEDIGTE**

**VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL**

**"elegie vir my toekomstige vrou" – André Letoit**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Nasienriglyn by Vraag 1:
  - ❖ Vir uitsonderlike inhoud sal die kandidaat minstens 1 van elk aanbied, m.a.w. minstens 1 verwysing na die titel, 1 stylfiguur en 1 voorbeeld van leestekengebruik.
  - ❖ Die kandidaat kan die aspekte in enige volgorde aanbied.

| **NASIENKODES** | |
|---|---|
| **T** | **Titel** |
| **S** | **Stylfigure** |
| **L** | **Leestekens** |

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| **Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.** | | |
| **TITEL VAN DIE GEDIG:** | | |
| **Die gebruik van die woord "elegie" in die titel dui op 'n treurige gedig/lied wat die dood suggereer. Die ek-spreker treur oor 'n vrou wat hy nog moet ontmoet – wat reeds die spreker se sinisme en vooroordeel verklap.** | 'n Gedig vir 'n toekomstige vrou behoort van geluk te spreek, maar dit is 'n elegie wat dui op hartseer. Dit is asof die toekomstige huwelik se einde reeds gesuggereer word. Die woorde "toekomstige vrou" dui daarop dat die spreker nog nie getroud is nie,/nog nie sy vrou ontmoet het nie, maar reeds 'n siniese siening oor die uiteinde van die huwelik het. | Titel: *elegie vir my toekomstige vrou* |
| **STYLFIGURE** | | |
| **IRONIE:** | | |
| **Die gedig in sy geheel spreek van skreiende ironie.** | Die titel is reeds ironies. 'n Mens sou nie verwag dat 'n treursang oor iets wat nog moet gebeur, geskryf word nie./'n dag wat hy sê hy nooit sal vergeet nie, se detail vir hom vaag is. | Titel: *elegie vir my toekomstige vrou*<br>Versreëls 1 tot 6*: ek sal nooit die dag vergeet toe ek jou ontmoet het nie (net soos in die populêre liedjies) :dit was op die skaatsbaan of op die sessiondansvloer of dalk by die biduur* |

| **POLISINDETON:** | | |
|---|---|---|
| **Die gebruik van polisindeton beklemtoon die kontras met die voorafgaande stelling dat hy nooit die ontmoeting sal vergeet nie – wat as vooruitwysing van sy groter onsekerheid oor die huwelik dien.** | Die spreker klink soos 'n tipiese verliefde man wat die ontmoeting nooit sal vergeet nie, maar die herhaling van die voegwoord "of " plaas die helderheid van die herinnering in twyfel. Die vae herinnering oor die ontmoeting dui reeds op onsekerhede/twyfel oor die huwelik as 'n geheel.<br><br>"Of " word herhaal wanneer die moontlike plekke waarheen die spreker sy toekomstige vrou tydens die hofmakery kon neem, genoem word. Daar word weer drie moontlikhede genoem waarheen hy haar geneem het – sy twyfel blyk duidelik. Die herhalende gebruik van "of " plaas die onsekerheid/twyfel oor die verhouding op die voorgrond. | Versreël 5 en 6*: of op die sessiondansvloer of dalk by die biduur*<br><br>Versreël 13 en 14*: of milky lane in hillbrow of daai hippiekolonie in berea* |
| **ANTIKLIMAKS:** | | |
| **Die troue word as antiklimaks voorgestel wanneer "niemand", volgens die spreker, opdaag nie.** | Die antiklimaks lê daarin dat die mense wat wél by die troue opdaag vir die spreker so betekenisloos is, dat hy hulle as "niemand" beskou – selfs die dominee. Sy pa word bloot as 'n assuransieagent bestempel. | Versreëls 30 tot 32: … *niemand het opgedaag by die kerk nie behalwe die dominee en 'n paar assuransieagente* (*onder andere my pa … )* |
| **SARKASME:** | | |
| **Die spreker is sarkasties wanneer hy na sy pa en sy vrou verwys – wat op 'n vroeër ervaring van teleurstelling in die instelling van die huwelik dui.** | Die spreker se verwysing na sy pa "saam met sy vrou" as "gawe mense, darem," wat hy nie eintlik ken nie, dui aan dat die spreker se pa en ma nie meer getroud is nie./hy nie 'n goeie verhouding met sy pa en ma het nie. Dit dui op die spreker se beperkte ervaring van verhoudings./dat die idee van 'n gelukkige huwelik onbekende terrein vir hom is. | Versreëls 33 tot 37: … *my pa, saam met sy vrou: gawe mense, darem, as jy hulle leer ken; ongelukkig ken ek hulle nie so goed nie)* |
| **Die spreker verwys sarkasties na die lewe ná die huwelik.** | Die sarkastiese vrae "(leef?)" en "(mense?)" dui op sy ontnugtering oor die onvervuldheid wat die spreker dink hy na die huwelikseremonie gaan beleef. | Versreël 39 en 40: *geleef (leef?) soos al die ander mense (mense?) en* |

| | | |
|---|---|---|
| **KLANKNABOOTSING:** | | |
| **Die spreker se hoonlag beklemtoon sy ontnugtering met die huwelik.**<br><br>**Klanknabootsing beeld die spreker se irritasie met sy geroetineerde bestaan in die huwelik uit.** | Die "(hahaha!)" dui daarop dat die spreker vir homself en sy onnoselheid hoonlag.<br><br>Huishoudelike irritasies, voorgestel deur die piepgeluid van stukkende kombuiskaste, kenmerk hulle huwelik. | Versreël 44: *(hahaha!)*<br><br>Versreël 48: *en kombuiskaste wat piep* |
| **SATIRE:** | | |
| **In die slotstrofe staan die spreker se ontnugtering met die huwelik sentraal wanneer die mens se behoefte aan ongebondenheid, eerder as om verantwoordelikheid te aanvaar, op die voorgrond geplaas word.** | Daar word met die menslike swakhede gespot: die mens wat verantwoordelikheid vermy./verhoudings wat nie blywend is nie. Dit word uitgelig wanneer die spreker besef dat hy nie van verantwoordelikhede hou nie./dat die alledaagse dinge in die huishouding hom irriteer. | Versreëls 47 tot 50: *alles gaan om skreeuende bybies en kombuiskaste wat piep en die huwelik is 'n duur prys om te betaal vir 'n lewe vol platoniese dogmatiek* |
| **WENDING:** | | |
| **Wending word aangewend om die spreker se ontnugtering met die huwelik te beklemtoon.** | Wending vind plaas wanneer die spreker nie meer die huwelik as romanties en opwindend ervaar nie, maar as 'n straf. | Versreël 45 en 46: *maar toe eers, toe vang ek die hele triek:* |
| **REGRESSIE:** | | |
| **Die emosionele agteruitgang van die paartjie se verhouding voorspel die uiteindelike ontevredenheid met die huwelik.** | Daar word emosionele agteruitgang in die verloop van die gedig aangetref van aanvanklike opgewondenheid tot teleurstelling en uiteindelike ontnugtering. | Versreëls 19 tot 22: … *toe ek in jou oor fluister "ek smaak jou" (jou hare het effens na kougom geruik – oh baby)*<br>Versreël 49 en 50: *en die huwelik is 'n duur prys om te betaal vir 'n lewe vol platoniese dogmatiek* |
| **LEESTEKENS** | | |
| **DUBBELPUNT:** | | |
| **Die ongewone gebruik van die dubbelpunt sluit by die spreker se alternatiewe siening van die huwelik aan.** | Die dubbelpunt word ongewoon gebruik om die moontlike plekke waar hy sy geliefde kon ontmoet te lys.<br><br>Die dubbelpunt se funksie is om die ironiese, kontrasterende realiteit van die huwelikseremonie uit te lig. | Versreël 4: *: dit was op die skaatsbaan*<br><br>Versreël 30: *so bly: niemand het opgedaag by die kerk nie* |

| PARENTESE (HAKIES): | | |
|---|---|---|
| **Deur die effektiewe gebruik van die parentese word die spreker se siniese siening van die lewe/huwelik telkens uitgelig.** | Romantiese verhoudings word van die begin af as stereotipies/oppervlakkig aangedui. | Versreëls 1 tot 3: *ek sal nooit die dag vergeet toe ek jou ontmoet het nie (net soos in die populêre liedjies)* |
| | Deur 'n siniese verwysing na kerklikbetrokke jongmense kan die afleiding gemaak word dat die spreker nie aanklank by sulke byeenkomste vind nie. So word die spreker se verkeerde intensies ten opsigte van die huwelik as Bybelse instelling reeds in die eerste strofe beklemtoon. | Versreëls 7 tot 10: *(hoewel die soort wat jy by bidure ontmoet gewoonlik nie lank hou nie)* |
| | In strofe 2 dui die parentese op die spreker se onsekerheid oor waarheen hy haar geneem het. | Versreëls 12 tot 16: *(boksburgmeer of milky lane in hillbrow of daai hippiekolonie in berea – ek had altyd 'n voorliefde vir hippiekolonies)* |
| | Die parentese dui aan dat die spreker van die begin af 'n lyflike/sintuiglike/fisiese/ oppervlakkige aangetrokkenheid tot die meisie ervaar het. | Versreël 21 en 22: *… (jou hare het effens na kougom geruik – oh baby)* |
| | Die volgende parentese verskaf die rede waarom die meisie se ouers hom weggejaag het./dui aan dat hy die oorsaak van die verbrokkelde huwelik sal wees. | Versreëls 25 tot 27: *(vermoedelik vanweë my lang hare en baard – uit die mode sedert jan van riebeeck …* |
| | Die spreker se siniese beskouing oor sy pa en dié se vrou word effektief in die parentese uitgelig en is vooruitwysend na enige toekomstige verhouding van hom wat nie gaan werk nie. | Versreëls 33 tot 37: *(onder andere my pa, saam met sy vrou: gawe mense, darem, as jy hulle leer ken; ongelukkig ken ek hulle nie so goed nie)* |
| | Die kontras tussen die tradisionele beskouing van "geleef" en menswees teenoor die spreker se ontnugtering daarin word voorts deur die parentese beklemtoon. | Versreëls 38 tot 44: *daarna het ons, soos altyd, saam geleef (leef?) soos al die ander mense (mense?) en nie meer toptwintig geluister nie; ek het altyd gedog ek was verlief op jou (hahaha!)* |

| **AANDAGSTREEP:** | | |
|---|---|---|
| **Die aandagstreep word effektief aangewend om die spreker as onkonvensioneel en nie versoenbaar met die huwelik nie, uit te beeld.** | Die verwysing na sy voorliefde vir hippiekolonies/lang hare dui aan dat hy 'n vrye gees is./'n ongebonde lewe in teenstelling met die gebondenheid van die huwelik verkies.<br><br>Die aandagstreep in versreël 19 en 22 benadruk dat die spreker besig is met versinsels./die tradisionele sienswyse vervlak tot iets lyfliks. | Versreël 14 en 15: *daai hippiekolonie in berea – ek had altyd 'n voorliefde vir hippiekolonies*)<br>Versreël 26*: uit die mode sedert jan van riebeeck en oom paul se tyd –*<br><br>Versreël 19: *– nee wag –*<br>Versreël 22: *het effens na kougom geruik – oh baby)* |
| **VRAAGTEKENS:** | | |
| **Effektiewe gebruik van die vraagtekens by die retoriese vrae bewys die spreker se sinisme oor die huwelik.** | Deur middel van vraagtekens beklemtoon die spreker dat die lewe na die huwelik vir hom een van onvervuldheid is. | Versreëls 38 tot 40: *daarna het ons, soos altyd, saam geleef (leef?) soos al die ander mense (mense?)* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

**"Op sy branderplank" – Petra Müller**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | waag/vlug/hys/gooi ✓✓✓ | 3 |
| 2.2 | Die s-alliterasie suggereer dat die branderplankryer vreesloos/oorwinnend terugkeer land toe./waagmoedig is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan* | 1 |
| 2.3 | Die "uit"-gedagte word beklemtoon./visueel uitgelig. ✓ | 1 |
| 2.4 | Ja<br>Die smaaksintuig wat hier gebruik word om die lug te beleef ondersteun die sintuiglike ervaring./dui op die bewuswording van die land na sy see-ervaring./die gedagte dat al die sintuie tegelyk ingespan word/betrokke is tydens sy ervaring. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 2.5 | Metafoor ✓<br><br>**EN**<br><br>Die metafoor beklemtoon dat die seun net soos 'n rob beide in die see en op land kan leef. | 1<br><br><br><br>1 |
| 2.6 | Die woorde "eeue lank" verbind die branderplankryer met die universele gedagte dat hy bloot mens is (nie meer 'n individu nie). ✓<br><br>**EN**<br><br>Die kommapunt dien as afsluiting van die voorafgaande gedeelte waarin die branderplankryer as individu beskryf is (teenoor die daaropvolgende universalisering van hom as mens). ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Vroue van Vermeer" – TT Cloete**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Die "Dit" verwys na die skilderye (van Vermeer). ✓ | 1 |
| 3.2.1 | Die vrou is ingeperk./afgesonder binne die huis./is 'n huisvrou. ✓ | 1 |
| 3.2.2 | "brief"/<br>"venster"/<br>"veraf"/<br>"geruis" ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 3.3 | Die woord "hang" skakel met haar gevoel van vasgevangenheid, terwyl "loop" by haar smagting/drome na vryheid/ongebondenheid aansluit. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na beide "hang" en "loop" vir EEN punt verwys.*<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.4 | Polisindeton ✓<br><br>**EN**<br><br>**Die polisindeton is funksioneel**, want dit hef die talle moontlikhede/handelinge van die vroue (in Vermeer se verskillende kunswerke) uit. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 3.5 | Gebruik van 'n akuut (in die woord áfstraal/ín)/<br>Herhaling (van "ín in")/<br>Voorplasing (van "ín")/<br>Agterplasing (van áfstraal)/<br>Enjambement (beklemtoon die onkeerbaarheid van die lig wat haar ruimte binnedring.) ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Die woord "asemhaal" impliseer dat die vrou bevry word (deur haar te verbind met die groter heelal waarvan sy deel word)./hef haar ingeperktheid op. ✓ | 2<br><br><br><br><br>1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Maaltyd" – PJ Philander**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Metafoor ✓<br><br>**EN**<br><br>Die koperklokkie word op grond van sy vorm aan die spreker se moeder gelykgestel.<br><br>**OF**<br><br>Personifikasie ✓<br><br>**EN**<br><br>Die koperklokkie word op grond van sy vorm as menslik/'n ou moeder voorgestel. ✓ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 4.2 | 'n Rustige/Eerbiedige/Nostalgiese/Verlangende stemming (wat tydens die maaltyd heers) ✓ | 1 |
| 4.3 | bord/servet/bril/Bybel/portret ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 4.4 | Ja<br><br>Sy ma het eers helder in sy seëngebed geskyn, maar sy vervaag dan in 'n "wasige damp".<br><br>*Die kandidaat moet in sy antwoord na* 'n *afname/verandering in herinnering verwys.*<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**OF**<br><br>Nee<br><br>Sy ma het eers net ge-"skyn" in sy seëngebed, maar die spreker se herinneringe intensiveer sodat sy uiteindelik weer "leef"./<br>Die herinneringe "leef" voort tydens elke maaltyd in die "wasige damp." ✓<br><br>*Die kandidaat moet in sy antwoord na* 'n *verandering/voortduur in herinnering verwys.*<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.5 | Die klokkie se verval word geïmpliseer./<br>Die moeder se veroudering word geïmpliseer./<br>Die herinneringe aan die moeder vervaag stelselmatig. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.6 | **Die titel is geslaagd.**<br><br>Dit is juis tydens die maaltye dat die etensklokkie gelui word./die spreker se herinneringe aan sy moeder opgeroep word. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie antwoord dat die titel nie geslaagd is nie.* | 1 |
| | | **[10]** |

**EN**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Rivierstraat" – Neo Mehlomakulu**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | "begrafnis"/teraardebestelling ✓ | 1 |
| 5.2 | 'n Mens sou verwag dat 'n "celebrity" 'n rolmodel moet wees, MAAR in werklikheid was die afgestorwene 'n suiplap./sy dronk tjommies se rolmodel. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied beide kante van die ironie vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.3 | Die **tjommies** koester 'n heldeverering vir hom./is treurig oor sy afsterwe./hulle kom drink 'n heildronk op hul god wat oorlede is. ✓<br>Die **familie** dink hulle is beter./dink hy is 'n verleentheid vir hulle./kom net hulle erfporsies opeis. ✓ | 1<br><br>1 |
| 5.4 | Die lykskouers is afgestomp./ongeërg./gevoelloos. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.5 | Ja<br>Die spreker ag homself ook beter as/veroordeel die afgestorwene./oorledene./Die spreker huil hier oor hom-/haarself eerder as oor die oorledene./se trane is selfgesentreerd (net soos die oorledene se familie). ✓✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 5.6 | Arm: "cheap kis" ✓<br>Dronk: " 'n celebrity-suiplap" ✓<br>Alleen: "fake trane" ✓ | 1<br>1<br>1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

### VRAAG 6: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKSTE TE VERWYS.**

| ARGUMENT | MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **DIE LETTERLIKE ONDERWÊRELD VAN DIE SKOOL SE ONDERGRONDSE TONNELS** | | |
| **Die ondergrondse tonnels by Lawson Kollege speel 'n kardinale rol in Greg se matriekjaar.** | Greg speel die leidende rol in die ritueel waarmee die Trappers finaal volwaardige leerders van die skool word deurdat hy as hoofseun die oriëntasie van die graad 8's hanteer. Die graad 8's word in die donker tonnels afgestuur met die opdrag om die ander uitgang te vind. | Bl. 68: *Jy word in die donker tonnels losgelaat, ...* |
| | Dit is by hierdie onderwêreld waar Greg en Eckardt se vriendskap begin as Greg – nadat hy aanvanklik die aanstigter daarvan was dat Eckardt ook deur die Trapper-ritueel gaan – vir Eckardt uit die Tonnels trek. | Bl. 53: *... 'n nuweling. Hierdie ou soek moeilikheid ...*<br>Bl. 62 en 63: *die uitdrukking in sy oë. ... Net soos John. "Nee! Los hom net!"* |
| | Die verhouding tussen Greg en Eckardt word dadelik versterk as Eckardt uit sy eie aanbied om saam met Greg na die Trappers, wat nie hulle pad na die opening gevind het nie, te gaan soek. | Bl. 69: "*Ek kom jou help," sê die ou. Dis Eckardt.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Wanneer Greg Eckardt uit die onderwêreld van die Tonnels red, veroorsaak dit die eerste keer verwydering tussen hom en sy matriekmaats. | Bl. 63: *Ek sien die fronse op die ander ouens se gesigte. Maar ek gee nie om nie. Ek moes ...* |
| | Die feit dat Greg vir Eckardt van die Trapper-ritueel red en hy weet dat die ander matrieks nie daarmee saamgestem het nie, lei later daartoe dat Greg vir Plank wantrou. Dit word ook een van die redes waarom inspekteur Cele dink dat Greg self iets met Eckardt se verdwyning te doen gehad het. | Bl. 161 en 162: *... waar 'n paar polisiemanne die ysterdeksel van die stormwaterpyp oopgemaak het ... Weet hy die polisie is op die regte spoor? ... Weet Plank wat aangaan?*<br>Bl. 164: *"Dat Eckardt ook deur die tonnels moes gaan, maar jy het gekeer." ... "As jy nie praat nie, kan ek my eie afleidings maak. Soos dat jy dit nie daardie aand gedoen het nie, maar wel later."* |
| | Greg beskou hierdie tonnels as simbolies van die bo-blink-onder-stink-beeld van die skool as die skoolhoof hulle dwing om vir niemand iets van Eckardt se verdwyning te sê nie. | Bl. 65: *"Ek wil nie hê julle moet met die ander leerders hieroor praat nie, hoor julle vir my?"*<br>Bl. 75: *"Ons hou hierdie ding eers tussen ons."* |
| | Greg word juis deur Eckardt gemanipuleer as hy deur middel van hierdie tonnels verdwyn en Greg na Eckardt begin soek. | Bl. 213: "*Ek is deur die waterafvoerpype na die skool se grensdrade."* |
| **DIE ONDERWÊRELD VAN DIE DOOD/DODERYK/ONVERWERKTE EMOSIES** | | |
| **Die onderwêreld van die dood/doderyk beheer in 'n groot mate Greg se emosies in sy matriekjaar.** | Greg sit met baie onverwerkte emosies vanweë John se selfdood, veral omdat hy vir John mis en nie deur sy pa toegelaat is om oor John te treur nie. | Bl. 66*: En toe gaan doen hy 'n stupid, stupid ding ... Ambulansdeure wat stadig oopgemaak word by die hospitaal ... Verby.*<br>Bl. 66*: Ek het nie gehuil toe John dood is nie. "Jy sal nie!" het my pa beveel, sy hele houding afgetrokke asof dit iemand anders se kind was wat dood is.* |
| | Greg is bang dat, soos John, Eckardt ook homself om die lewe gebring het,/Nicole haarself om die lewe sal bring. Hierdie vrees/bekommernis veroorsaak dat die onderwêreld van die dood en onverwerkte emosies Greg se gedagtegang oorheers. | Bl. *66: En nou is daar die rumours. Eckardt het selfmoord gepleeg. Dit voel soos 'n goor fliek wat jy alreeds gesien het.*<br>Bl. *159: ... sy die foon dooddruk, laat ek haar belowe dat sy niks onverantwoordeliks gaan ...* |

| | | |
|---|---|---|
| | Die onderwêreld van die dood het deur John se selfdood 'n direkte invloed op die verwagtinge wat Greg se pa van hom koester./die druk wat Greg ervaar. | Bl. 174: *"Toe John dood is, was dit asof ek kon sien hoe my pa se oë na my toe draai en sê: 'En nou's dit jou beurt, boetie!' "* |
| | Greg se voortdurende bewustheid dat sy ma nooit oor John se dood gekom het nie, lei tot innerlike konflik by hom. Aan die een kant wil hy haar beskerm, maar aan die ander kant is hy magteloos omdat hy self ook met onverwerkte emosies sit. | Bl. 185: *My hand bewe. My hart ook. Ek wil nie my ma teleurstel nie. Sy het soveel hoop vir my; ...*<br>Bl. 205: *Hoe jammer kry ek haar nie, om staande te probeer bly ... Sy het haar oudste seun verloor, maar sy bly op haar voete. Sy hou haar ken hoog as sy tussen mense kom.* |
| **DIE ONDERWÊRELD VAN DIE ADOLESSENTE EMOSIES/MAGTELOOSHEID** | | |
| **Greg word betrek by die onderwêreld van 'n adolessent se emosies.** | Deur die optrede van Eckardt en Nicole beleef Greg jaloesie./ wantroue. | Bl. 148: *Hy het net 'n slaapbroek aan ... "Wat de hel dink jy doen jy?"*<br>Bl. 149: *"Eckardt, ek is nie flip-pen blind nie. Ek sien hoe kyk sy vir jou."* |
| | Greg ervaar John se dood as 'n vorm van verwerping./dat John hom nie vertrou het nie./dat hy nie genoeg saak gemaak het nie. Dit skakel ook later met sy gevoelens van onsekerheid of hy werklik 'n leier is./as leier deur die ander leerders beskou word. | Bl. 66: *Ek dink hy was op 'n manier my hero, maar ook my beste buddy. Ek sou enigiets vir hom doen. Maar John het niks van my gevra nie. Ek het gedink dit was omdat hy alles gehad het wat hy nodig het. Maar ek was verkeerd.*<br>Bl. 76: *Nie een van die ander ouens het saam met my gestaan teen Dok nie. Is ek dan hulle leier?* |
| | Greg se emosies ry wipplank tussen onsekerheid en desperaatheid wanneer hy deur die optrede van John/Nicole/ Eckardt daaraan herinner word dat adolessente hulle eie lewe kan neem sonder dat hulle tekens daarvan toon. | Bl. 56: *Skielik vang my oog een van die boeke: Depression. Nou vir wat sal hy só iets wil lees? Het hy 'n probleem?*<br>Bl. 66*: En nou is daar die rumours. Eckardt het selfmoord gepleeg. Dit voel soos 'n goor fliek wat jy alreeds gesien het.*<br>Bl. 159*: Nicole huil. Voor sy die foon dooddruk, laat ek haar belowe dat sy niks onverant-woordeliks gaan aanvang nie.* |

| DIE ONDERWÊRELD VAN 'N VOLWASSEWORDENDE TIENER IN 'N STRENG SKOOLMILIEU WAT IN OPSTAND TEEN ALLE REËLS KOM. | | |
|---|---|---|
| **Greg betree dié onderwêreld as hy in opstand teen gesag kom./aktief begin om reëls te verbreek.** | Greg kom in opstand teen sy pa se verwagtinge van hom wat daartoe lei dat hy leuens vertel./reëls ignoreer./verbreek. Hy vertel aan sy pa leuens oor sy akademie en sport. Hy vervals sy April-rapport. | Bl. 165: *"Ja, Pa. Ek sê mos moenie worry nie." 'n Leuen, ek weet al die trein is aan die ontspoor ...*<br>Bl. 178: *Ek het meer tyd aan die hacking spandeer as aan skoolwerk. Ek kon dit wegsteek vir my pa met 'n vervalste April-rapport.* |
| | Onder Eckardt se invloed verbreek Greg verskeie skoolreëls soos om bier te drink./na ligte-uit besig te wees met hacking./by die netwerkkamer van die skool in te breek. | Bl. 71: *Ek weet ek is veronderstel om so iets te rapporteer, maar ek besluit: what the hell, 4x4's kan mos nie net altyd veilig op die teerpad bly nie.*<br>Bl. 89: *Dit was ure terug al ligte uit. So much vir my dissiplinepreek vir die VRL's.*<br>Bl. 127: *Voor die netwerkkamer. Ek kyk weerskante af in die gang. Daar is niemand ...* |
| | Die onderwêreld van opstand teen gesag/verbreking van reëls/onderduimse optrede kom na vore as Greg openlik én in die geheim teen Dok Pienaar in opstand kom en uiteindelik Dok se rekenaar kraak./'n RAT op Dok se rekenaar installeer. | Bl. 76: *"En as julle nie nou dadelik begin nie, sit ek nie my voet op 'n rugbyveld nie."*<br>Bl. 126: *Ek gaan vir Dok terugkry. Ek gaan uitvind wat hy gedoen het*.<br>Bl. 153*: Die RAT sal my nou enige tyd toegang gee tot Dok se rekenaar, selfs al verander hy sy password. Ek sal ook op die skool se ander rekords kan inkom ... Dit sal dalk 'n goeie plan wees om 'n keystroke logger ook op die rekenaar te sit.* |
| **DIE ONDERWÊRELD VAN MISTERIE EN GEVAAR/UITDAGINGS** | | |
| **Greg en John se verslawing aan ekstreme sport bring hom in kontak met die onderwêreld van misterie en gevaar./ uitdagings./ adrenalienverslawing.** | Voor John se dood het Greg kennis gemaak met die heerlike gevoel wanneer hulle 'n adrenaliengedrewe ervaring suksesvol bemeester het. | Bl. 65 en 66: *Ons het 'n paar keer saam gaan bungee jump. Die adrenaline rush het van my ook 'n danger junkie gemaak en later het ek al wat 'n gevaarlike ding was saam met hom gedoen.* |
| | Hierdie leemte word na John se dood deur Eckardt/kuberkrakery gevul. | Bl. 78: *Onderwêreld. Net die klank daarvan laat my hoendervleis kry. Asof dit John is wat aankondig: "Hei, boet, ons gaan 'n nuwe extreme sport try."* |

| | | |
|---|---|---|
| | Wanneer Greg in sy soektog na Eckardt alleen op sy eie as kuberkraker na inligting soek, ervaar hy tegelykertyd die waarskuwende emosie asook die soeke na meer adrenalien. | Bl. 155: *Oukei, teken nou af. Nee, keer die onderwêreld se stem in my agterkop. ... Nou gaan ek afteken. Nee! skree die stem uit die onderwêreld. Nog nie genoeg nie.* |
| **DIE ONDERWÊRELD VAN KUBERKRAKERY** | | |
| **In sy matriekjaar leer Greg, onder leiding van Eckardt, die onderwêreld van kuber-kraking ken.** | Greg word bewus dat kuberkraking deel is van die onderwêreld vanweë die geheimsinnigheid/onwettigheid daarvan. | Bl. 80: *Hulle beweeg ongesiens in die onderwêreld en surface net as iemand hulle uitvang ...*<br>Bl. 182: *"Jip, dis onwettig."* |
| | Juis omdat kuberkraking die mengsel van gevaar en opwinding inhou, bekoor dit Greg van die begin af. | Bl. 78: *Donker woorde, stikvol opwinding. Onderwêreld. Net die klank daarvan laat my hoendervleis kry.* |
| | Greg word bewus daarvan dat kuberkraking toenemend sy lewe oorneem/sy aksies bepaal tot nadeel van sy skool- en akademiese pligte, maar die roepstem van die onderwêreld van kuberkraking is sterker as sy gewete. | Bl. 88: *Die res van die skooldag is 'n total loss vir my. Ek sit net en dink aan 'n hacker-naam.*<br>Bl. 97: *Kommer oor my skoolwerk knaag aan my gewete.*<br>Bl. 98: *Maar dis makliker gesê as gedaan as die onderwêreld jou naam ken en jou roep om te kom speel.*<br>Bl. 155: *Nee! skree die stem uit die onderwêreld. Nog nie genoeg nie. Wat het hy nóg op sy rekenaar?*<br>Bl. 155: *Nee, keer die onder-wêreld se stem in my agterkop.* |
| | Vanweë sy betrokkenheid by kuberkraking beland Greg toenemend in die onderwêreld van leuens./skyn./misdaad. | Bl. 165: *"Onderskeidings, reg?" "Ja, Pa. Ek sê mos moenie worry nie." 'n Leuen, ek weet al die trein is aan die ontspoor wat die onderskeidings betref.*<br>Bl. 165: *Weer 'n leuen ... En ek moet die skyn voorhou dat alles oukei is.*<br>Bl. 178: *"En jy, Greg? Het jy ook rekenaars gehack?" "Nee," antwoord ek. "Ek stel nie juis belang in computers nie."* |
| | Uiteindelik laat kuberkraking Greg besef dat, as 'n mens eers die onderwêreld betree, dit jou stelselmatig al hoe dieper intrek, wat Greg magteloos vasgevang laat tussen die bo- en onderwêreld. | Bl. 196: *Nes jy reken jy het die bodem van die onderwêreld bereik, stop iemand jou 'n graaf in die hand en moet jy dieper grawe.*<br>Bl. 197: *Waar eindig die onderwêreld?* |

| DIE ONDERWÊRELD VAN KORRUPSIE/MISDAAD/GELDMAG | | |
|---|---|---|
| **Greg ervaar op verskeie maniere die onderwêreld van korrupsie./misdaad.** | Greg is van vroeg in die jaar al bewus dat korrupsie hoogty vier onder die oppervlak van die spoggerige Lawson Kollege. | Bl. 48 en 49: *Lawson is 'n skool vir die super-rykes se seuns. ... Reuke van korrupsie wat altyd maar vlak lê onder 'n paar van hierdie sakeleiers se Italiaanse snyerspakke.*<br>Bl. 58: *" ... Julle was almal blote saketransaksies, was julle nie?"* |
| | Deur sy kuberkraking word hy toenemend bewus van die onderwêreld van witboordjiemisdaad deurdat hy, onwetend, ook uiteindelik sy eie pa ontbloot. | Bl. 190: *In Dok se emails was daar mos iets wat gepraat het van omkoopgeld wat aan iemand gegee is by hierdie maatskappy. So die goedkeuring vir hierdie brousel sodat dit die mark ingestuur kan word, het gekom teen 'n prys.*<br>Bl. 215: *"Jy weet nou dat Dok Pienaar die Butcher is, Greg."*<br>Bl. 215: *" ... Maar die Candlestick-maker, Greg, vir hom ken jy goed ... "* |
| **Greg kom uiteindelik tot die besef dat geld die regte onderwêreld is.** | Vroeg in die jaar ontnugter Plank hom al deur te sê dat sy hoofseunskap bloot 'n saketransaksie was. | Bl. 58: *"En daai badge wat jy op jou bors vassteek is die kwitansie wat jy die hele blerrie jaar gaan dra."* |
| | Greg is voortdurend daarvan bewus dat sy ma geld gebruik om sy geluk te probeer verseker sodat hy nie soos John homself om die lewe sal bring nie. | Bl. 206: *"Het jy geld by jou, Greg?" vra my ma ná 'n ruk toe ek net bly staan en na hulle kyk. Ek antwoord nie. "Ag, vat sommer," sê sy en haal 'n paar note uit haar handsak. Ek steek my hand uit, al het ek dit nie nodig nie. Daar is nog geld in my sak. Haar vingers vou om myne. Sag maar koud. "Dankie, Ma." Geld in ruil vir 'n onuitgesproke versoek dat ek net sal bly leef.* |
| | Greg kom agter dat geld die rede was waarom sy pa by Dok se diaboliese plan betrokke geraak het. | Bl. 222: *"Die geld." ... "Turret Media se finansiële syfers word vir die afgelope twee jaar ge-window dress, Greg ... Ek moes by Dok se planne inval as ek kop bo water wou hou."* |

| | | |
|---|---|---|
| | Greg vind in Clarens uit dat sy pa en Dok Pienaar Eckardt se pa omgekoop het om hulle onskuldig te bevind en uiteindelik van hom ontslae geraak het – alles as gevolg van hulle korrupte optrede met die insider trading. | Bl. 221: "*Toe julle jonger was, is ek en doktor Pienaar aangekla van bedrog. Insider trading." ... "Die saak teen ons was sterk. Dit was Dok wat besluit het om ... hy het besluit die enigste uitweg sou wees om die regter om te koop." ... "Hy wou kop uittrek. Toe speel ons vir hom die opgeneemde gesprek terug ... Dok het hom gedreig."* |
| | Greg sê dat geld, wat eintlik hul gesin moes maak, hul huisgesin se ondergang beteken. | Bl. 222: *Geld is wat ons gesin gemaak het, en geld is wat dit vandag gaan uitmekaarskeur.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | Dit is die inisiasieritueel waarna graad 8-leerders volwaardig in die skool aanvaar word. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die Tonnel verwys na die waterafvoerpype (waardeur die graad 8's hulle pad moet vind) onder die oppervlak van Lawson Kollege se terrein. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.2 | Dit is geregverdig, want Eckardt is ook 'n nuwe leerder in Lawson Kollege.<br>Dit is ongeregverdig, want Eckardt is reeds in graad 12./nie meer 'n graad 8-leerder nie. ✓✓<br><br>**EN**<br><br>Wanneer hulle besig met kuberkraking is, noem Eckardt Greg 'n tegnologiese Trapper. ✓ | 2<br><br><br><br>1 |
| 7.3 | Greg sien dit as sy geleentheid om Eckardt terug te kry/uit te sorteer/op sy plek te sit, want tydens hulle eerste ontmoeting het hy Eckardt as 'n moeilikheidmaker beskou./ervaar dat Eckardt hom met sy houding uitdaag./hom meerderwaardig hanteer. ✓ | 1 |
| 7.4 | Hy is 'n gesagsfiguur./word deur sy maats as hoofseun/leier beskou./<br>Sy skoolmaats is bereid om Greg te volg. ✓<br><br>**EN**<br><br>Greg se toenemende betrokkenheid by (die onderwêreld van) kuberkraking/<br>Eckardt se invloed op hom/<br>Eckardt se verdwyning ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.5 | Greg vaar akademies goed./kan nege onderskeidings behaal./<br>Greg is ('n suksesvolle/gewilde) hoofseun./<br>Greg speel vir die eerstespan rugby./<br>Greg is 'n goeie atleet./<br>Hy het 'n mooi meisie./vuurwarm pop. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>'n Mens sou verwag dat Greg se pa trots sou wees op sy prestasies, MAAR sy pa noem hom ruggraatloos omdat hy nie planne het om nog beter te presteer nie./<br>'n Mens sou verwag dat die pa self 'n man met ruggraat sou wees as hy Greg ruggraatloos noem, MAAR dan blyk dit dat hy op daardie stadium reeds na Dok Pienaar se pype dans./nie standpunt inneem teen die misdadige planne waarmee hulle besig is nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied beide kante van die ironie vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 3<br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.6 | Greg het ervaar dat sy pa van hom verwag om John se plek in te neem./die plek van John as skouperd in te neem./Greg se pa het onomwonde vir hom gesê dat hy nege onderskeidings van hom verwag. ✓ | 1 |
| 7.7 | 'n Eerstepersoonsverteller/ek-verteller ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Dit is geslaagd omdat die verteller Greg se innerlike stryd meer effektief openbaar./dit Greg se innerlike stryd meer geloofwaardigheid gee./dit Greg se gedagtegang meer dramaties weergee. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.8 | Greg dink sy pa het Clarens toe gekom omdat hy oor hom bekommerd is./ vir Greg lief is./bang is dat hy Greg ook kon verloor. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die persoon/Eckardt lig Greg in dat Greg se pa betrokke by misdaad is./deel van die Project Nursery Rhyme-komplot is. ✓ | 1<br><br>1 |
| 7.9 | Greg is wrokkig/opstandig/rebels/magteloos teenoor sy pa, terwyl Greg liefdevol/bekommerd/beskermend teenoor sy ma is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied beide kante van die verskil vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Greg se pa is vol kritiek teenoor Greg./het geweier dat Greg oor John se dood treur./gee geen blyke dat hy lief is vir Greg nie./is net ingestel op geldmaak./prestasies./dwing Greg om vir Dok om verskoning te gaan vra. ✓<br><br>Greg se ma bied vir Greg 'n skouer om op te steun./maak dit duidelik (deur die geld wat sy aan Greg gee) dat sy bekommerd is oor Greg se welsyn./probeer haar hartseer wegsteek. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord oor Greg se pa EN Greg se ma vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.10 | Ja<br>Die atmosfeer wat deur die ruimtebeskrywing geskep word, sluit by die berusting wat Greg na sy besluit om weer te probeer ervaar, aan./<br>Die gestrooptheid van die bome sluit by die stropingsproses wat Greg tydens sy matriekjaar/sy soektog na Eckardt ervaar, aan./<br>Die ruimtebeskrywing dra die rustigheid oor wat Greg op hierdie stadium voel, (omdat hy dink dat sy ontmaskering van Dok Pienaar 'n einde gaan bring aan die ontwrigting in sy lewe)./<br>Die ruimtebeskrywing regverdig Greg se besluit dat hy en sy ma juis na Clarens moes ontvlug om van die spanning te ontsnap.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die rustigheid wat oorgedra word, staan in kontras met Greg se onsekerhede (soos uitgebeeld deur die vele retoriese vrae)./<br>Die rustige atmosfeer wat deur die ruimtebeskrywing geskep word, staan in kontras met die onthutsende gebeure wat gaan volg./<br>Die rustige atmosfeer wat beskryf word, is kontrasterend met die gewetenswroeging waarmee Greg gekonfronteer gaan word. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke feite vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Greg kan tevrede voel dat hy Dok Pienaar suksesvol as misdadiger ontbloot het./'n dodelike siekte gekeer het.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Hoewel Dok Pienaar aangekeer is, is Greg se (vernaamste) strewe om Eckardt te vind, nog nie verwesenlik nie./<br>Greg het 'n totale mislukking van sy matriekjaar gemaak./gaan glad nie by sy mikpunte uitkom nie./het as hoofseun misluk. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 2<br><br>1 |
| 7.11 | Eckardt het Greg soggens met hierdie woorde kom wakker maak. ✓ | 1 |
| 7.12 | Ja<br>Daar is 'n agteruitgang by Greg van 'n selfversekerde/gewilde (hoof)seun/iemand na wie geluister word/wat leiding neem na 'n persoon vol twyfel (oor sy verhoudings)./iemand wat ontnugter is deur die lewe./<br>Daar is 'n progressie van 'n arrogante/selfvoldane seun na iemand wat eerlik oor sy eie swakhede is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| | | **[25]** |

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Die titel van die roman, *Manaka Plek van die Horings*, verbind die hoofkarakter, Baas Chipman, met sy oupagrootjie en sy verlede – en ook die rede hoekom hy hom op Manaka bevind.** | Van kleins af het Baas sy onverskrokke oupagrootjie bewonder uit die vertellings van sy ouers en grootouers oor die oupagrootjie se wel en wee by Manaka Plek van die Horings in Zambië. | Bl. 10: *… maar in sy gedagtes groei die beeld van sy oupagrootjie tot groter as lewensgroot. Hy kry nie genoeg van die familievertellings oor sy voorsaat nie.* |
| | Baas word groot met die gedagte dat hy soos sy oupagrootjie lyk en probeer op enige manier om in die oupagrootjie se voetspore te volg. | Bl. 10: *… is dit duidelik dat hy soos sy oupagrootjie lank gaan wees, ...*<br>Bl.*10: Wanneer hy naweke saam met sy pa, oom Baas, nefie Baas, Oupa Baas en Ngwako gaan jag, voel hy dikwels dat hy met elke tree in die spoor van sy oupagrootjie trap.* |
| | Hy gebruik selfs aanvanklik die oupagrootjie se Bybel na sy ouers se moord en pak dié Bybel, en nie sy ma s'n nie, in wanneer hy die Houtboschberge verlaat. | Bl.12: *Die gedeelte wat Baas in hierdie tyd dikwels hardop uit sy oupagrootjie se verweerde Bybeltjie met die bruin leeromslag lees, is die Psalm wat mense graag lees wanneer hulle eensaam is of vasgekeer voel.* |
| | Baas het selfs dieselfde soort hond met dieselfde naam, Brindle, as sy oupagrootjie. | Bl. 7: *Gewapen met sy agtpondergeweer en vergesel van Brindle, sy Ierse terrriër, trek hy saam met verskeie transportryers noordwaarts.*<br>Bl.13: *Op Louis Trichardt … slaap hy en sy hond Brindle alleen by 'n vuurtjie ...* |

| | | |
|---|---|---|
| | Hy besluit om Manaka toe te gaan en daar in sy oupagrootjie se spore te stap om hulle, volgens hom, gedeelde drome te verwesenlik. Soos sy oupagrootjie staan hy ook as Baas bekend, jag hy met Brindle en die oupagrootjie se Mott-Mauser en droom hy van 'n bootbesigheid op die Zambezi. | Bl. 7: *Onder die Malozi staan hy bloot as Baas bekend … Hy en Brindle, … word legendariese buffeljagters. Hy kap die trofeë aan die stamme van die reuse-oewerbome om sy kamp … aan sy blyplek die naam Manaka, wat Plek van die Horings beteken.*<br>Bl. 14: … *die Bo-Letaba nie die Zambezi nie, bosvarke in die klowe langs die Tsikitsaneriviertjie nie lewensgevaarlike buffelbulle nie … Tog besef hy dat 'n mens mettertyd familie ontgroei, dat Houtboschberg se drome nie meer drome wil wees nie.*<br>Bl. 11: *… voel hy dikwels dat hy met elke tree in die spoor van sy oupagrootjie stap.*<br>Bl. 20: *Hy soek verder, maar aan geeneen van die bome in die omgewing kry hy tekens dat buffelhorings ooit aan die stamme vasgekap was nie.*<br>Bl. 34: *Niemand anders as Dennis Chipman kon hierdie ranker geplant het nie, besef hy.*<br>Bl. 40: *Ná twee en negentig jaar het Manaka weer 'n Chipman vir 'n baas.* |
| **Die titel van die roman, *Manaka Plek van die Horings*, skakel met Baas Chipman se idealistiese verwagting dat hy vir hom 'n nuwe lewe op Manaka kan bou en die verlede kan uitwis.** | Baas droom van die begin af om 'n toerismebesigheid op die Zambezi te ontwikkel deur 'n gereelde pontboot in te stel, soos sy oupagrootjie. | Bl. 24: *By Manaka kry hy alles gereed om vroegdag op sy Zambezi-tog te vertrek.*<br>Bl. 25: *Baas vergelyk die notas wat hy gedurende die dag gemaak het met die inligting op die kaarte van die Zambezi.*<br>Bl. 31: *Daarvoor sal 'n ryk toeris uit Europa of Amerika sy beursie omdop.*<br>Bl. 40: *Ná twee en negentig jaar het Manaka weer 'n Chipman vir 'n baas.* |
| | Hy vereenselwig hom so met sy oupagrootjie se droom dat hy selfs oor die ouman met sy honde gesels. | Bl. 18: *"Hoe op aarde het oupagrootjie Dennis gedink gaan hy 'n boot hier verby kry, my honne?"* |

| | | |
|---|---|---|
| **Vir die hoofkarakter dui die titel van die roman, Manaka, op 'n jagruimte waarbinne hy homself ten volle kan uitleef.** | As kind is hy reeds 'n bobaasjagter; op Manaka is dit een van die eerste dinge wat hom aan sy oupagrootjie verbind. Hy jag ook met die oupagrootjie se Mott-Mauser. | Bl*.10: Wanneer hy naweke saam met sy pa, oom Baas, nefie Baas, Oupa Baas en Ngwako gaan jag, voel hy dikwels dat hy met elke tree in die spoor van sy oupagrootjie trap.*<br>Bl. 14: *… die Bo-Letaba nie die Zambezi nie, bosvarke in die klowe langs die Tsikitsane-riviertjie nie lewensgevaarlike buffelbulle nie …*<br>Bl. 20: *Hy soek verder, maar aan geeneen van die bome in die omgewing kry hy tekens dat buffelhorings ooit aan die stamme vasgekap was nie.*<br>Bl. 37: *" … 'n Gesoute jagter se geweer, sou ek sê. Veral as jy dink aan buffels jag."*<br>*"Buffels jag? Met hierdie ding wat lyk of hy saam met Noag in die ark was? …" :*<br>*"Hy het dit al gedoen. Lank gelede …"*<br>Bl. 39: *Dié wêreld is vol opsies – soos buffels jag – as sy geld skraps raak.* |
| **Die titel van die roman skakel ook met die konflikterende emosies binne die hoofkarakter ten opsigte van geloof en Christenskap.** | Een van die eerste dinge wat Baas op sy pad na Manaka teëkom, is die naambordjie van die *Manaka Evangelical Mission* – wat onmiddellik Baas se apatie met enige vorm van Christenskap uitdaag. | Bl. 18: *Langs die verwronge stam hang 'n stuk sinkplaat met die woorde Manaka Evangelical Mission netjies daarop geverf.* |
| | Selfs latere aanduidings dat sy oupagrootjie dié sendingstasie begin het, moontlik selfs die houtbankies onder die worsboom geplant het, motiveer hom aanvanklik nie om sy sienswyse oor Christenskap te verander nie. | Bl. 107: *Hierdie Manaka is die plek waar Hy sy vlammetjie aangesteek het … baie lank gelede.*<br>Bl. 178: *Hy was nogal 'n groot ou Christen ook, weet jy?... Hy het my oumagrootjie eers gedoop voor hy met haar gaan trou het …*<br>Bl. 43: *Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie en ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie. Ek is hier om my boot op die Zambezi te kry* |

| | | |
|---|---|---|
| **Die naam Manaka skakel sterk met die sendingstasie wat daar opgerig is deur Baas se oupagrootjie en deur al die jare in stand gehou is. Dit is die oorsaak van nuwe mense vanuit Suid-Afrika wat by die sendingstasie opdaag.** | Die koms van die nuwe sendelinge verhoog Baas se konflikterende emosies oor Christenskap – soveel so dat hy al hoe meer vrae daaroor begin vra. | Bl. 82: *Wat soek julle in my kamp?*<br>Bl.146: *Wat maak van jou 'n Christen? Dis jammer hy het nie sy pa en ma gevra nie.* |
| **Die titel skakel met die ruimte waarbinne Baas ook gekonfronteer word met sy onwilligheid om by ander mense betrokke te raak.** | Baas glo dat hy nie ander mense nodig het nie en wil alleen gelaat word sodat hy kan doen waarvoor hy Manaka toe gekom het. | Bl. 43: *Ek is hier om my boot op die Zambezi te kry.*<br>Bl. 63: *Ek is net heeltemal gatvol! Dink jy ek het Barotseland toe gekom om verantwoordelik te voel vir almal se skete en kwale en hongersnood?* |
| | Hy word egter deur die plaaslike bevolking as 'n soort helper beskou om hulle siektes/honger/ armoede te bestry. | Bl. 62: " … *Baie mense kom Manaka toe as hulle siek of honger is."*<br>Bl. 93: *Ek wil ook nie weet van werksoekers en siek mense en honger mense en weeskinders en kruppel vrouens en sterwendes wat met 'n slee na my toe aangery word nie.* |
| | Baas word teësinnig by die omstandighede in Barotseland ingetrek. | Bl. 42: *Toe sy baie siek was, het ouma Essie vir hom kom vra om te help.*<br>Bl. 43: *Want jy het haar weggejaag maar agterna het jy tog die malariapille gebring.* |
| | Deur al hoe meer by die mense van Manaka betrokke te raak, loop Baas (onwetend) al hoe dieper op sy oupagrootjie se voetspore. | Bl. 62: *Baie mense kom Manaka toe as hulle siek of honger is.*<br>Bl. 228: *"Omgee, ja. Dis sendingbloed."* |
| **Vir die Lozi-stam is die naam Manaka sinoniem met hulp wat aan hulle verleen word – en dit lei tot innerlike en uiterlike konflik by Baas.** | Baas wil nie betrokke raak by die wel en wee van die mense van Barotseland nie, maar tog help hy hulle waar hy kan. | Bl. 62: *Baie mense kom Manaka toe as hulle siek of honger is.*<br>Bl. 93: *Ek wil ook nie weet van werksoekers en siek mense en honger mense en weeskinders en kruppel vrouens en sterwendes wat met 'n slee na my toe aangery word nie.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Die roman se titel skakel uiteindelik ook met Baas se aanvaarding van sy roeping op Manaka. Die feit dat hy sy eie woongebied met horings afbaken, sluit sterk by die titel aan.** | Baas kap die horings van gejagde diere om sy woonplek vas as bewys van sy besluit om op Manaka aan te bly en ook die sendingstasie te herbou. | Bl. 201: " ... *blouwildebeesbulle se koppe word die hoekbakens tussen die bosse by Manaka se noordelike grens. Op die suidwestelike hoek, langs die pad, kom die kop van die eerste eland wat Baas in Barotseland skiet. Die horings is mooi genoeg om by die ingang na Manaka … ingeplant te word, maar dis 'n plek wat hy bêre vir die groot buffel Morena se horings.*<br>*"Jy baken nou die kerk se konsessiegebied vir jou af," sê Griesel terwyl Baas die elandkop vasslaan.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Mnr. Daaimon ✓<br><br>**EN**<br><br>Mnr. Daaimon het 'n stuk grond wat Baas reeds huur (en die huurgeld betaal het) weer aan die sendelinge (onder) verhuur. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 9.2 | Hulle het die sendingstasie kom (her)vestig./<br>Hulle het as sendelinge tussen die Lozi-stam kom werk. ✓ | 1 |
| 9.3 | Sy is Baas se versorger./<br>Sy het Baas se lewe gered./<br>Sy het Baas gehelp om sy rol op Manaka te ontdek./<br>Sy het ook vir Baas gehelp om weer sy Christenskap te ontdek./<br>Sy het namens Baas sy ruilhandeltransaksies oorgeneem.✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke TWEE rolle vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>**Versorger:** Baas aanvaar Grace se versorging/dat Grace vir hom kosmaak/sy honde versorg (terwyl hy hom in die begin daarteen verset het)./<br>**Lewensredder:** Baas aanvaar Grace se versorging tydens sy siekte as 'n blyk van dankbaarheid dat hy haar lewe gered het (terwyl hy aanvanklik opstandig oor haar teenwoordigheid was)./<br>**Sy rol ontdek:** Baas aanvaar sy verantwoordelikheid ten opsigte van die sendingstasie (terwyl hy aan die begin gedink het hy is net daar om 'n toerismebesigheid te begin met sy boot)./<br>**Christenskap:** Onder Grace se invloed vra Baas later vir ouma Essie/Griesel uit oor Christenskap./begin Baas selfs Bybel lees./<br>**Ruilhandel:** Met die geld wat Grace met ruilhandel verdien, kan Baas malariamedisyne aankoop vir mense wat dit nodig het en dit wys sy karakterontwikkeling ten opsigte van sy aanvaarding van sy verantwoordelikheid teenoor die Lozi-mense. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bewys die spesifieke rolle wat hy/sy genoem het met 'n voorbeeld uit die roman vir EEN punt elk.* | 2<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 9.4.1 | In Teks C is Griesel afsydig/wil Griesel aanvanklik nie met die mense meng nie, MAAR later preek hy tóg onder die worsboom met ouma Essie as tolk. ✓<br><br>*Die kandidaat bied beide kante van die verskil vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>'n Mens sou verwag dat Griesel as sendeling dadelik by die Lozi-mense se lewens sou betrokke raak,/die Lozi-stam se vertroue probeer wen, MAAR hy is meerderwaardig/afsydig teenoor dié mense. ✓<br><br>*Die kandidaat bied beide kante van die ironie vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.4.2 | Nanna huil oor die pampoen wat die nuwe gemeentelede vir hulle gebring het, Griesel is geïrriteerd omdat hulle voorgekeer word./<br>Nanna sien die mooi in Manaka raak met hulle aankoms, Griesel sien net dat hulle nie 'n dak oor hul kop het nie./<br>Nanna respekteer Baas se privaatheid, Griesel breek by Baas se hut in./<br>Nanna lok die gemeentelede met haar kitaarmusiek, Griesel se preke laat hulle opstaan en loop.<br>Nanna wil onmiddellik vir mnr. Johnny werk aanbied, terwyl Griesel sy inmenging as irriterend beskou. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 9.5 | (alomteenwoordige) derdepersoonsverteller ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Dié tipe verteller kan 'n objektiewe beskrywing van Manaka en sy mense gee./kan as geloofwaardig beskou word omdat hy/sy sonder vooroordeel al die karakters kan beskryf. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 9.6 | Dit is geregverdig omdat Baas nie vir Grace kwaad is nie, maar haar goeie bedoelings ignoreer. ✓<br><br>**EN**<br><br>Dit is ongeregverdig omdat Baas op hierdie stadium nog sleg voel en nie lus is vir mense nie./die sendelinge/vreemdelinge sonder sy toestemming by sy blyplek ingebreek het./oorgeneem het. ✓<br><br>**EN**<br><br>Baas beleef innerlike konflik oor sy Christenskap./wil nie saam met ander Christene bid nie. ✓ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 9.7 | Whitey het vir Baas en Grace in sy vragmotor teruggeneem Manaka toe (nadat Baas in Ngweze in die hospitaal was).✓ | 1 |
| 9.8 | Whitey het gedink dat sy oupagrootjie (verdwyn het omdat hy) hom doodgetreur het na sy vrou dood is met hul kind se geboorte. ✓<br><br>**EN**<br><br>Hulle twee het baie nader aan mekaar beweeg toe hulle besef het hulle is agterkleinneefs./<br>Hulle het mekaar begin vertrou met (lewens-)vrae (oor byvoorbeeld Christenskap)./<br>Hulle het mekaar begin ondersteun (soos toe Whitey na Baas se boot gaan soek het). ✓<br><br>*Die kandidaat moet na die verandering in Baas en Whitey se verhouding vir EEN punt verwys.* | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.9 | Ja<br>Whitey het geen familie nie, daarom is sy skok/verdwaasdheid opreg. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br><br>**EN**<br><br>Hy help Baas later om sy boot op te spoor./bring houtplanke vir die kerkbankies. ✓ | 1<br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 9.10 | Ja<br>Die ruimtebeskrywing skep spanning/afwagting by die leser ten opsigte van die uitkoms van die brand./<br>Die ruimtebeskrywing laat die leser wonder watter invloed die kerk se brand op die verskillende karakters gaan hê./<br>Die ruimtebeskrywing roep die konflik tussen christelike en heidense gebruike op./<br>Die ruimtebeskrywing skep simpatie by die leser vir ouma Essie wat haar lewe aan die kerk gewy het./<br>Die ruimtebeskrywing suggereer tydsverloop/hulle skok voordat Whitey en Baas begin hardloop. ✓✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Baas se teenwoordigheid op Manaka het veroorsaak dat Chisupo se krag/invloed by die mense verminder het (en hy daarom die kerk afbrand)./<br>Chisupo het van Baas se paraffien vir die vuur gebruik.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Chisupo laat hom deur geen mens voorskryf nie;/voer 'n skrikbewind onder die mense van die Lozi-stam; daarom is Baas glad nie verantwoordelik vir die treurspel nie. ✓ | 2<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 9.11. | **TEKS C:**<br>Ja<br>Baas weier om deel van die kring te word en vat nie hande nie, want hy wil nie betrokke raak nie. ✓<br><br>**EN**<br><br>**TEKS D:**<br>Nee<br>Baas reik uit na Whitey./raak betrokke by Whitey se lewe. ✓<br><br>*Die kandidaat moet 'n onafhanklike motivering vir beide tekste vir EEN punt elk aanbied.* | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Die titel *Vatmaar* kom van die vatmaar-goed wat die mense bymekaarmaak/ gevat het tydens die Tweede Vryheidsoorlog.** | Vatmaar is gebou en gemeubileer met die oorskiet boumateriaal en meubels van die boere wat van hulle plase af verdryf is. | Bl. 8: *Hierna moes daar nog vier plaashuise afgebrand word. Dié keer het Chai ander planne gehad. Hy het mos geweet hoe om 'n witman te gebruik.*<br>Bl. 9: *Hulle moes my help om sinkplate van die dakke af te haal en om die beste hout, vensters en deure uit te breek en die beste huisraad, potte en panne bymekaar te maak. Chai het gesê dis vatmaar-goed.*<br>Bl.10: *Alles is baie versigtig afgelaai en met die sinkplate toegemaak.* |
| | Oom Chai vat 'n stukkende treinwatertenk van die Engelse en gee dit vir Ta Vuurmaak as blyplek. Oom Chai sê vir Ta Vuurmaak dat die treinwatertenk nooit weer sal water hou nie – hulle kan dit Vatmaar toe vat waarin Ta Vuurmaak kan bly. | Bl. 5: *Party mense het gesê Vatmaar het sy naam van Ta Vuurmaak gekry. Hy het in 'n groot treinwatertenk gebly.*<br>Bl.10: *Dit sal nooit meer water hou nie, sê hy toe. So vat vier osse en trekgoed en gaan haal dit vir jou want dit sal 'n baie lekker slaapplek uitmaak.*<br>Bl. 10: *Ek is daardie nag met vier osse na die treinwatertenk toe. Dit het begin reën waar Vatmaar begin en die tenk het die sloot gemaak wat julle diesdae die Vatmaar-pad noem.* |
| | Oom Chai en George Lewis het hulle gebuite besittings op twee hope gepak en met 'n loting beslis wat behoort aan wie en sommer die plek waar hulle bly, Vatmaar genoem. | Bl. 20: *Head or tails? Chai kon eerste kies. Toe het hulle hulle se goed gevat na wat hulle hulle erwe genoem het.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Vatmaar kan ook skakel met George Lewis se woorde toe hy vir Oom Chai sê dat Oom Chai die steenmaker kan "vat" .** | Oom Chai "vat" die steenmaker, maar gee dit vir Ta Vuurmaak wat weer werk aan van die inwoners van Vatmaar verskaf. | Bl. 21: *You, Vuurmaak, het die Engelsman vir my gesê, are well looked after. Take this brick mould and start your own business.*<br>Bl. 22: *Ek het party van die manne wat nie werk gehad het nie, of wat afgedank is, aan die stene gemaak sit.* |
| **Vatmaar kan verbind word aan die ou kerksaal wat Vatmaar se mense self moet afbreek en alles wat bruikbaar is self Vatmaar toe moet vat.** | Toe Oom Chai die dominee gaan spreek oor Vatmaar wat 'n behoefte het aan 'n eie kerk, sê die dominee hulle kan die ou kerksaal afbreek en vat wat bruikbaar is vir Vatmaar se kerk. | Bl. 27: *Ek het dit gisteraand op die agenda van die kerkraad gehad en almal het saamgestem dat julle mense van Vatmaar ons ou saal kan kry. Ons gebruik hom nie meer nie, ...* |
| | Die tweede voorwaarde bepaal dat die mense van Vatmaar self die saal afbreek, self die vatmaar-goed na Vatmaar vervoer. | Bl. 28: *Twee, die mense van Vatmaar moet die gebou afbreek en self die materiaal na Vatmaar karwei.*<br>Bl. 36: *Vatmaar se mense het as span aan hul sendingkerk gewerk. Die afbrekers is Saterdag na werk reguit na die kerksaal in die Pan toe. Oom Flip en Ou Swaai het die boumateriaal aangery na die klipwerf toe.* |
| **Oom Neels en Oom Flip se optrede deur die Jood se brandewyn en meel te steel/vat sluit ook verder aan by die naam Vatmaar, want baie van die Vatmaar-inwoners vat om te oorleef.** | Die Vatmaar-inwoners kry swaar en om aan die lewe te bly het hulle gesteel. Selfs die kinders was ook lief om ander se goed te vat, want hulle ken nie die agste gebod nie. | Bl. 3: *Vatmaar was arm, en tog het ons nie armoede geken nie.*<br>Bl. 3: *Vatmaar se kinders het nooit van die Agste Gebod geweet nie, die een van Jy mag nie steel nie.*<br>Bl. 46: *Ek het jare later eers besef dat hulle die meel en brandewyn gesteel het, het Oom Flip gesê.* |
| **Vatmaar kry die betekenis van almal wat nêrens welkom is nie, maar in Vatmaar welkom is. Die samelewing het nie destyds voorsiening vir byvoorbeeld gemengde huwelike of wildvreemdes gemaak nie.** | So keer die swart Ruth en die wit George terug na Vatmaar en kom vestig hulle permanent daar. Norman van der Westhuizen word Ma Khumalo se aanneemseun nadat sy hom kry, terwyl hy kos soek. | Bl. 20: *Haar mense het gesê sy behoort nie meer aan hulle nie. Sy het meer George geword as Ruth. Na hulle sesde huweliksmaand het hulle in Vatmaar kom bly.*<br>Bl. 199: *Hy het haar uit sy hart uit Ma genoem, want hy het geweet sy het die plek van sy oorlede moeder ingeneem. Hy was dadelik lief vir hierdie swart ma, want sy was al wat hy op die aarde gehad het.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Vatmaar kan ook die betekenis kry van ons vat maar mekaar al is ons wildvreemdes en ons het nie ander familie nie.** | Ma Khumalo en Norman van der Westhuizen aanvaar maar mekaar as ma en seun al ontmoet sy hom toe hy haar kos wou steel. | Bl. 201: *Ek het haar daar en dan liefgekry, die verbond tussen ons was verseël. Van toe af het ons die meeste van die tyd Setswana gepraat.* |
| **Die titel sluit aan by Tant Wonnie se ervaring wanneer Settie September haar daarvan beskuldig dat sy die trouring gevat/gesteel het.** | Die ironie dat daar op "die" stadium van die verhaal polisie op Vatmaar is, wat meewerk aan die onreg teenoor 'n Vatmaar-inwoner, kontrasteer met die aanvanklike lewenswyse toe Vatmaar gestig is. | Bl.125: *Mevrou September begin histeries skree en vloek: Djy's 'n dief, djy't my ring gasteel!*<br>Bl.127: *Die poeliesman met die wit helm op sy kop het gehoor wat hulle sê. ... Julle is reg, ek is die handhawer van die wet, ek sal haar laat aankla ... Toe sê hy: Jy moet voor die perd uit loop 'n prisonier ry nooit saam met die gereg nie.* |
| | Die trouring-aanklag lei uiteindelik daartoe dat Tant Wonnie, wat in haar lewe nooit iets onregmatigs van iemand anders gevat het nie,/haarself te na sou kom tot voordeel van haar medemens, verhoog word in die oë van die Vatmaar-samelewing. | Bl. 180: *Hy kyk na Tant Wonnie en sê: You are free to go, Mrs. Müller. Come to my office, the court will grant you your marraige certificate.*<br>Bl.183: *Tant Wonnie laat haar kop teen die sag opgestopte sitplek rus. Dit is ongelooflik, sê sy. Hulle sal my nooit in Vatmaar glo as ek hulle vertel nie, Juffrou.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

## VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | Oom Chai het vir die kinders die Onse Vader-gebed geleer. ✓<br>Alle kinders in Vatmaar is gedoop. ✓ | 2 |
| 11.2 | Tant Wonnie/Dirk Twala ✓ | 1 |
| 11.3 | Dit is geregverdig omdat beide kerk en polisiestasie die rigiede handhawing van reëls/'n beskawingsvlak simboliseer. ✓<br><br>Dit is ongeregverdig omdat die kerk veronderstel is om vergifnis te preek teenoor die polisie wat die afdwing van reëls/straf vir oortredings simboliseer. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die dorp se naam skep die indruk dat mense maar na willekeur net van mekaar kan vat; so daar is nie 'n nodigheid vir 'n polisiestasie nie. ✓ | 1<br><br>1<br><br><br><br>1 |
| 11.4 | Kaaitjie ✓ | 1 |
| 11.5 | Oom Chai was 'n hoefsmid van beroep./<br>Oom Chai het in die Tweede Vryheidsoorlog as Cape Boy geveg./<br>Oom Chai het 'n oorlogspensioen ontvang./<br>Oom Chai het by Mister Keeler gewerk wat 'n landmeter was./<br>Oom Chai het bakstene gemaak en verkoop. ✓✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied VIER feite vir EEN punt elk aan.* | 4 |
| 11.6 | Ja<br>Die agtergrondbeskrywing plaas die res van die gebeure in konteks./<br>Die agtergrondbeskrywing wys dat die mense van Vatmaar hulle eie beskawingsvlak gehad het (al het hulle leefwyse van Du Toitspan se mense s'n verskil)./<br>Die agtergrondbeskrywing dien as eksposisie/bekendstelling van Oom Chai se bydrae tot Vatmaar se voortbestaan./die mense van Vatmaar./die gebruike van die mense van Vatmaar./die mense van Vatmaar se kinderlike/afhanklike geloof./<br>Die agtergrondbeskrywing beklemtoon die ironiese invloed wat sogenaamde aktiwiteite van die beskawing op Vatmaar se mense sou hê./<br>Die leser word voorberei op die konflik tussen Vatmaar se mense en die polisie/die kerk deur die agtergrondbeskrywing./<br>Die agtergrondbeskrywing wys hoe Vatmaar se mense saamgewerk het./mekaar ondersteun het./in vrede saamgeleef het. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE feite vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br><br>**EN**<br><br>Ek kry begrip/respek vir Vatmaar se mense se waardes./swaarkry./<br>Die agtergrondbeskrywing beklemtoon vir my dat Vatmaar se mense se lewensomstandighede baie van myne verskil./tog ooreenkomste met myne toon./<br>dat mense, ten spyte van hul omstandighede, tog kan saamwerk. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 2<br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.7 | (alomteenwoordige) derdepersoonsverteller ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Dié tipe verteller kan 'n objektiewe beskrywing van Vatmaar en sy mense gee./kan as geloofwaardig beskou word omdat hy/sy sonder vooroordeel al die karakters kan beskryf. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 11.8 | Du Toitspan ✓ | 1 |
| 11.9 | Tant Wonnie tree medemenslik op, terwyl Johnny net mense wil verneuk./besteel./<br>Tant Wonnie plaas ander mense (en hul behoeftes) eerste (ten koste van haarself), maar Johnny is selfsugtig. ✓<br><br>*Die kandidaat bied beide kante van die verskil vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Suzan kon leer dat 'n mens diegene wat jou kwaad aandoen, moet vergewe./dat jy nie kwaad met kwaad moet vergeld nie./<br>Suzan kon leer dat 'n mens nie op jou moet laat trap nie./selfgeldend kan wees./<br>Suzan kon leer dat ongeregtigheid omgekeer kan word as jy in die Here glo. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br><br><br>2 |
| 11.10 | Settie September het Tant Wonnie daarvan beskuldig dat sy die trouring gevat (m.a.w. gesteel) het./Johnny September het sy vrou se trouring gevat (m.a.w. gesteel). ✓ | 1 |
| 11.11 | Die trouring veroorsaak dat Tant Wonnie voor die magistraat moet verskyn en vrygespreek word op die klag van diefstal teenoor haar./<br>Die diefstal van die trouring dra daartoe by dat Tant Wonnie 'n huweliksertifikaat ontvang./<br>Die diefstal van die trouring dra daartoe by dat Tant Wonnie voortaan 'n weduweepensioen sou ontvang./<br>Die feit dat Tant Wonnie vrygespreek word van die diefstal van die trouring dra daartoe by dat sy nuwe klere/skoene/kos ontvang. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 11.12 | Samewerking/omgee ✓<br><br>**EN**<br><br>Nee<br>Stoffel Jones ken die Septembers goed genoeg om te weet hulle is agterbaks./skelm./<br>Stoffel Jones het gesien hoe Settie September haar skoene uittrek. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

**_DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE_ – ELEANOR BAKER**

**VRAAG 12: _DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE_ – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Die romantitel is geslaagd omdat die verwysing na 'n plant/blom met Iris se beheptheid met die betekenis van haar eie naam skakel.** | Iris is van die begin af behep met die oorsprong van haar naam. Haar pa skakel haar naam spottenderwys met haar perserige kleur by geboorte, terwyl haar ma bevestig dat sy die naam gekies het omdat dit 'n mooi blom is. | Bl. 9: *My pa het somtyds gespot en gesê die Iris was van pas omdat ek perserig was by geboorte en my arms en bene oor die verpleegster se hande geflap het toe sy my vir hom kom wys.*<br>Bl. 14: *So 'n mooi blom. Ek vind dit jammer dat hulle net in die lente blom.* |
| | Iris se ontevredenheid met hierdie verduidelikings/die blomkonnotasie van haar naam/die spot wat sy oor die blomkonnotasie van haar naam moes verduur, lei daartoe dat sy ander betekenisse van haar naam ondersoek./op haar lewe probeer toepas. | Bl. 10*: 'n Iris was nie slegs 'n bolplant nie, maar sy was ook 'n Griekse mitologiese godin, in diens van meer belangrike gode.* |
| | Peter se kennis van die botaniese sowel as die ander betekenisse van Iris se naam lei daartoe dat sy hom in haar lewe toelaat. | Bl. 36: "Die iris is 'n embleem wat deur die eeue gebruik is," het hy vlot vertel. "Veral in die dekoratiewe kuns. Borduurwerk uit die Ooste, motiewe op Persiese erdewerk ..."<br>Bl. 36: " ... 'n Naam vol ryke assosiasies." |
| **Die romantitel skakel effektief met die letterlike plant in Iris se ma se tuin wat vir Iris besondere betekenis het.** | Iris begeer altyd die lelie in haar ma se tuin en is baie gelukkig as Peter haar ma-hulle se huis met lelie en al koop, nadat Iris onsuksesvol probeer het om haar eie lelie aan die groei te kry. | Bl. 214: *Ek was in die wolke omdat ek die tuin en die kwart-voor-sewe-lelie geërf het nadat ek 'n jaar lank vergeefs gesukkel het met 'n stuk bol wat ek van die moederplant afgespit het. Hy het wel blare gemaak, maar verseg om te blom.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Die romantitel sluit by Iris se ervaring, dat sy nie deur haar gesin raakgesien/na geluister word nie, aan.** | Iris voel dat haar susters haar ouers se aandag opeis wat daartoe lei dat niemand ooit na haar luister nie, net soos die plant van die romantitel nie sommer 'n indruk maak nie. | Bl. 187: "*Ek wil jou vertel van 'n lelie in my ma se tuin. Dit was maar altyd daar, een van daardie groen plante wat jaar na jaar 'n hoek vol maak sonder om iets dramaties te doen ..."*<br>Bl. 9*: Niemand het nog ooit regtig na my geluister nie.*<br>Bl. 25: *My dramas was onbenullig teen hulle s'n ... En die ergste: elke keer dat ek deur 'n krisis of interessante stadium gegaan het, was my susters my voor ...* |
| **Die romantitel sluit ten nouste aan by Iris se lewensfilosofie dat sy een geleentheid gaan kry om haar blomtyd te beleef.** | Wat die blomplant in Iris se ma se tuin laat uitstaan het, was dat dit in 'n oogwink kon blom. | Bl. 187: *... een laatmiddag speel ek met Polder in die tuin en uit die hoek van my oog sien ek 'n beweging, iets wilds tussen die groen ... 'n Blom het oopgegaan.* |
| | Iris se vereenselwiging met dié eienskap dat die lelie so vinnig blom en dan verwelk, tesame met die feit dat 'n iris net een keer 'n jaar blom, lei tot die vorming van haar lewensfilosofie dat elke mens net een kans op 'n blomtyd het. | Bl. 104: *"Hulle blom net een keer per jaar," het ek hom herinner.*<br>Bl. 187: *'n Blom het oopgegaan. Nie stadig nie, oombliklik.*<br>Bl. 140: *Elke mens moet een keer in sy lewe die regte ding op die regte tyd doen en só 'n moment van volmaakte sintese beleef.* |
| | Die feit dat die lelie op 'n spesifieke tyd so vinnig blom dat 'n mens dit maklik kan miskyk, lei daartoe dat Iris voel dat sy altyd gereed moet wees om haar moontlike blomtyd aan te gryp. | Bl. 104: *En dit is miskien ook een van die redes waarom ek nie altyd nee sê as ek dit behoort te doen nie ... en dat ek dus te alle tye gereed moet wees en nooit 'n nuwe aanbod van die hand mag wys nie ...* |
| | Iris probeer ook hierdie lewensfilosofie op ander mense toepas, met 'n wisselende mate van sukses en daardeur word haar lewensbeskouing mettertyd ondergrawe. | Bl. 132: *"Kara blom van sy haar Claude gekry het. Elsa blom ..." Daar het ek my vasgeloop.* |
| **Die lelie van die romantitel word gebruik om die verandering wat uiteindelik in Iris se lewensbeskouing intree, te verbeeld.** | Die Engel ontluister Iris se oordrewe romantiese idee dat die kwart-voor-sewe-lelie op haar groot blomtyd wat moet aanbreek, dui. | Bl. 187: *Net sowel, het hy gesê. Ek sien geen verband tussen jou lelie en enigiets wat ons vannag bespreek het nie*. |

| | | |
|---|---|---|
| | Met die getal sewe wat dikwels die volmaakte simboliseer, sinspeel die titel daarop dat die volmaakte blomtyd nie noodwendig vir Iris beskore is nie. | Bl. 195: *"Party mense blom ongesiens" het hy gesê. "So onverwags dat niemand dit eers opmerk nie."*<br>*"Soos Ma se lelie."*<br>*"Iets in dier voege, ja."* |
| | Iris vind later vrede in die gedagte dat 'n mens se hele lewe 'n blomtyd kan wees wat nie beperk is tot een magiese oomblik nie. As 'n voorstede-like huisvrou wag sy geduldig saam met Polder, Johanna en die Engel op die kwart-voor-sewe-lelie om te blom. | Bl. 220: *"Ek hoop nie hy's laat nie," sê Johanna. "Ek wil nie die kos vir Peter verbrand nie."*<br>"*Wees geduldig," sê ek. "Dis amper tyd."* |
| **Die romantitel as die naam van 'n blom, bestaan nie werklik op wetenskaplike vlak of in die volksmond nie, maar is Iris se opgemaakte naam vir die plant en skakel so met Iris se ryk fantasiewêreld.** | Iris probeer uit die werklikheid wat haar nie aanstaan nie, ontsnap deur langdurige verbeeldingsvlugte waarin die heldin haar alter ego word. | Bl. 17: *Ek het hom oorgeskryf tot iets meer na my sin.*<br>Bl. 29: *Sy was my alter ego en ek was altyd besig om stories te versin.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 13: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1 | Hy het veroorsaak dat die oupa in 'n ander kamer ingetrek het./dat die ouma en oupa nie meer 'n intieme verhouding gehad het nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.2 | Hierdie woorde laat Iris glo dat sy spesiaal is./spesifiek uitgesonder is./belangrik genoeg is om vertrou te word met inligting wat ander nie sal verstaan nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Iris het altyd gevoel dat sy afgeskeep word. ✓<br><br>**EN**<br><br>Iris het later uitgevind dat haar ma ook van die Engel geweet het./Iris se ma het later vir haar gesê dat die Engel saam met hulle geëet het. ✓ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 13.3.1 | (Tydens Iris se kuier (by Kara) in Parys) net nadat iemand neerhalend na die politieke situasie in Suid-Afrika verwys het. ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Beide het geskrik./Soos die ouma haar pypie laat uitruk het van skrik, het Iris haar wyn gestort omdat sy geskrik het. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 13.3.2 | Die Engel het haar getroos/gesê dat sy haar nie aan die neerhalende woorde (oor die politieke situasie in Suid-Afrika) moet steur nie. ✓<br><br>**EN**<br><br>Iris het verwag dat die Engel as 'n beskermengel sal optree./haar in moeilike situasies sal bystaan/haar raadgewer sal wees, maar die Engel het dit later duidelik gemaak dat hy nie hierdie rolle in Iris se lewe sal speel nie. ✓ | 1<br><br>1 |
| 13.4 | Dit berei die leser daarop voor dat die Engel nie aan Iris se verwagtinge gaan voldoen nie wat tot konflik gaan lei./Dit berei die leser voor op 'n verhouding tussen Iris en die Engel waarin daar nie die verwagte eerbied/heiligheid is nie./Die leser aanvaar geredeliker dat die Engel vir Iris 'n tasbare realiteit in haar lewe word. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.5 | Peter se pa ✓<br><br>**EN**<br><br>Peter/dr. Anders/Bettie ✓✓<br><br>*Die kandidaat noem enige TWEE karakters vir EEN punt elk.* | 1<br><br><br><br>2 |
| 13.6 | New York/Iris se hotelkamer in New York ✓<br><br>**EN**<br><br>Iris twyfel of sy moet bly om 'n model te word, want dit kan haar blomtyd wees en of sy saam met Peter Vermont toe moet gaan. ✓<br><br>*Die kandidaat moet beide kante van die innerlike konflik noem.*<br><br>**EN**<br><br>Iris en Peter baklei oor Iris se siening dat die geleentheid om 'n model te wees dalk haar blomtyd is en Peter wat nie bereid is om sy kosbare vakansie in New York te mors nie./haar voor 'n ultimatum stel om saam te gaan Vermont toe. ✓<br><br>*Die kandidaat moet beide kante van die uiterlike konflik noem.* | 1<br><br><br><br>1<br><br><br><br>1 |
| 13.7 | Iris kan verwys na 'n deel van die oog./<br>Iris was ook 'n verwysing na 'n Griekse mitologiese godin (wat in diens van hoër gode was)./<br>Peter noem aan Iris dat die iris ook dui op die Griekse godin van die reënboog./die embleem wat op die Franse vaandel is. ✓✓<br><br>**EN**<br><br>**Deel van die oog:**<br>Dit was vir Iris belangrik omdat sy gedink het dat sy skerpsinnig is./skerp met haar oog waargeneem het.<br>**Mitologiese godin:**<br>Dié betekenis het Iris 'n sin van belangrikheid gegee terwyl sy dikwels afgeskeep gevoel het in haar gesin./laat wonder oor wie die hoër gode sou wees wat sy moet dien (en het so 'n invloed op haar verhoudings gehad)./sy voel dat sy ondergeskik aan haar susters is.<br>**Deel van die Franse embleem:**<br>Die betekenis laat Iris belangrik/spesiaal voel in Peter se geselskap. ✓✓<br><br>*Die kandidaat moet na TWEE betekenisse van die naam EN die waarde daarvan vir Iris vir EEN punt elk verwys.* | 2<br><br><br><br>2 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.8 | Ja<br>Claude is nie wit nie en 'n mens sou verwag dat Kara se wit gesin (tydens die apartheidstydperk) weerstand sal bied teen hulle verhouding, MAAR in werklikheid swig hulle voor sy sjarme./aanvaar hulle hom sonder meer. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat moet beide kante van die ironie vir EEN punt aanbied.*<br><br>**EN**<br>Ja<br>'n Mens sou verwag dat Johanna hom sou aanvaar omdat hy ook nie wit is nie, MAAR in werklikheid is dit juis die bruin huishulp, wat 'n rassistiese aanmerking oor hom maak./<br>'n Mens sou verwag dat dit die wit gesin is wat rassisties is, MAAR uiteindelik kom die enigste rassistiese aanmerking van die bruin huishulp, Johanna./<br>'n Mens sou verwag dat Johanna as bruin huishulp sou verstaan dat Claude uitdagings in Suid-Afrika gaan ervaar, MAAR uiteindelik is sy die een wat hom kritiseer. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat moet beide kante van die ironie vir EEN punt aanbied.* | 1<br><br>1 |
| 13.9.1 | Elsa is baie georganiseerd./Haar lewe word haarfyn beplan./Elsa is baie nougeset in haar huishouding. ✓<br>Iris se ma daarenteen is verstrooid/ongeorganiseerd/deurmekaar in haar huishouding. ✓ | 1<br><br>1 |
| 13.9.2 | Iris se suster Elsa verander (na die koms van die drieling).<br><br>Sy is baie meer ontspanne en aanvaar die lewe soos dit kom./nie meer altyd so netjies in haar huishouding nie./nie meer so besorg oor haar figuur nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.10 | Die Engel:<br>Hy laat haar tot ander insigte kom oor haar lewensfilosofie./het 'n rigtinggewende invloed op die keuses wat sy maak (soos om Vermont toe te gaan/seker te wees dat sy met Peter behoort te trou).<br><br>**OF**<br><br>Haar drome/fantasieë:<br>Iris sou nooit met Peter 'n verhouding begin het as sy naam nie ooreengestem het met 'n karakter in haar fantasie nie./<br>Haar fantasieë het haar ontvlugting gebied uit 'n werklikheid wat vir haar onaangenaam was. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**AFDELING C: DRAMA**

Beantwoord EEN vraag.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

**VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

| **NASIENKODES** | |
|---|---|
| **R** | **Ruimte** |

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE** |
|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan | |

| | | |
|---|---|---|
| **Die township is 'n uitvloeisel van die Groepsgebiedewet wat die mense op die Kaapse Vlakte vasgevang hou.** | Die Cavernelis-gesin beland om hierdie rede in die township-ruimte en smag daarna om terug Boland toe te trek. | Bl. 20: *CAVERNELIS: Kan ek help dat ek van die Boland … van up-country af ... kom!*<br>Bl. 50: *Never mind lat julle nie amenities en facilities in die township het nie! Daai's group areas legislation mister Cavernelis. Group areas, ha! More like prisons, big bloody prisons!* |
| **Die ruimte in die township is van so 'n aard dat die Cavernelis-gesin daar onveilig voel.** | Cyril spot met Cavernelis omdat hy alles toesluit en nie die mense in die buurt vertrou nie. | Bl. 20: *Ek sien mister Cavernelis, en Blanchie oek, en missies Cavernelis, julle ammal slyt julle deur so elke keer agter julle toe, soes julle kom en gaan. Trust julle dan nie die mense hier in onse area nie? Mister Cavernelis maak even mister Cavernelis se bike aan die tralies vas! Moet kettangs!* |
| **Die township skep die teelaarde sodat Cyril en Richie vir Cavernelis en sy gesin kan spot.** | Die leeglêers van die buurt spot met Blanchie/hulle skinder omdat die Cavernelis-gesin uit die township wil trek na 'n beter woonbuurt toe. | Bl. 3: *Hierdie klomp skorrie-morrie, layabouts loafers, Cyril en Richie, en wat hulle name ook al is, ek het vir hulle deur die venster dopgehou daar onder, hulle't weer vir Blanchie gemoveer vanoggend ...* |

| | | |
|---|---|---|
| **Die beknopte ruimte in die drama maak dit moontlik dat Maud vanuit die woonstelblok vir Cyril en Richie kan afluister wanneer hulle in die straat praat.** | Volgens Maud praat Cyril en Richie so hard dat sy nie anders kan as om te hoor wat hulle alles praat nie. | Bl. 16: *Ky' da' da' ... al weer afgelyster, of course. Spy op 'n mens! Loer deur die gidyne! Ba!*<br>Bl. 16: *Nee, nie afgelyster nie, julle! Nie ge-spy nie. Net maar gehóór.* |
| **Die township is so verskillend van die Boland waarvandaan die Cavernelis-gesin kom dat hulle nie met ander meng nie.** | Maud verlaat nooit die woonstel nie en loer van bo na onder wat in die strate gebeur; so hoor sy alles wat Cyril en Richie praat. | Bl. 16: *Ba! Betere mense kamma as ons!*<br>Bl. 18: *CYRIL: Would-be Glenhaven-mense … Mos nie working class soes ons nie!* |
| **Die township het tot gevolg dat Cavernelis en Maud se verhouding daaronder ly.** | Maud se frustrasie met Cyril en Ritchie kook oor en veroorsaak dat sy selfs vir Cavernelis spot oor hoe die township se mense na hom verwys. | Bl. 3: *Maar dis precisely omdat ons wil úit, lat hulle vir ons moveer … " O" skree hulle vir Blanchie, "jy's al weer op pad … " en hulle lag hulle disgusting soorte gelag … CAVERNELIS: Maud! Stop dit!* |
| **Die feit dat bendes bedrywig is in die township, veroorsaak dat Cavernelis teen Map/ Map en Blanchie se verhouding is**. | Map raak betrokke by bendes juis omdat hy nie werk kan kry nie en dit veroorsaak uiteindelik dat hy in die tronk beland. Hierdie tronkstraf lei daartoe dat Blanchie die nutteloosheid van 'n verhouding met Map besef en begin saamwerk aan haar pa se ideaal om genoeg geld te maak sodat hulle uit die township kan trek. | Bl. 23: *CAVERNELIS: (stukkend) Hy's 'n … 'n misdadiger …*<br>*BLANCHIE: Nee! Dis … dis 'n lieg!*<br>*CAVERNELIS: Jy moet nou weg van hom af … weg, weg, wég van hom af …*<br>*MAP*: *… Die varke, toe het hulle't vir my gesê, daar's 'n job, dis die enigste werk wat hulle vir my wil gee, vir messenger …*<br>Bl. 24: *BLANCHIE: (bitter) Hoekom ek jou nog sien!? … Hoekom … kom ek jou nog sien!!* |
| **Die feit dat werkloosheid in die township hoogty vier, versterk die Cavernelis-gesin se behoefte om uit die township te kom.** | Die inwoners van die township is werkloos en hou hul heeldag met kleinighede besig, soos Cyril en Richie wat heeldag sit en kerrim speel. | Bl. 15: *Hulle speel kerrim. Die kerrim-skyfies is "kinders". Hê, my kinders is darem weer stout vi'dag!* |

| | | |
|---|---|---|
| | Blanchie kry vir haar werk by die salon in 'n poging om geld te maak sodat sy saam met haar pa en Maud uit die township kan kom. | Bl. 6: *CYRIL*: *Wêk toe! Sê'k nie! Lonely hearts! Massage palour! Fancy names!*<br>Bl. 17: *Nei, because haar daddy stuur vir haar yt op die lonely hearts biesagheid, even op die Sondag!*<br>Bl. 18: *CYRIL: Sy allow haar om ge-use te word deur daai ou dêrre van haar , ou haitie-taitie bliksem van 'n Cavernelis … Om geld te maak, geld, geld, geld …* |
| | Cavernelis beoefen twee werke in 'n poging om uit die township te kom./om sy droom so gou moontlik te verwesenlik. En Maud maak klere in 'n poging om geld in te samel. | Bl. 7: *Ja, hoekom jy jou vrek werk by die polony factory, week in en week uit, dan elke aand ook nog, en weekends ook nog canvass, canvass, canvass, met die soft goods ... En dan spot hulle vir jou, ...*<br>Bl. 41: *TOMMY*: *… missies Cavernelis, wat kan sý tog inkry moet die naaimasjien, moet die dressmaking …* |
| **Die township is volgens Willy la Guma 'n tronk waaruit niemand sal ontsnap nie, want die mense wat daar woon, is daarheen verdoem.** | Met hierdie woorde skep Willy la Guma die gedagte dat die Cavernelis-gesin dit nie gaan regkry om uit dié ruimte te ontsnap nie. | Bl. 50: *Maar 'is 'n sterk tronk dié. Kyk, die tralies! Hy trek regaf strepe in die lug met albei hande, en wys na die geboue in die omgewing.* |
| **Die feit dat Blanchie en Maud na Cavernelis se dood in die township moet bly, maak dit vir Blanchie moontlik om met Map versoen te raak.** | Map en Blanchie vertel alles vir mekaar en vergewe mekaar vir alles wat in die verlede gebeur het. | Bl. 60: *Ek het vir jou … alles ge-vertel … Blanchie … voor Apostel George … voor die Here … en voor Ma … Daar is niks meer nie … Ek het vir jou … ook … ge-vertel … alles … Johnnie …*<br>Bl. 60: *Hulle hou mekaar styf vás. Soen mekaar hartstogtelik.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | Apartheid ✓ | 1 |
| 15.2 | La Guma is opdringerig./<br>La Guma wil net politiek praat./<br>La Guma praat herhaaldelik oor dieselfde goed./<br>Cavernelis dink hy is beter as La Guma (omdat hy in die Boland grootgeword het)./<br>Cavernelis verdien sy geld op 'n eerlike manier en sien neer op La Guma. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 15.3 | Die verkleiningsvorm wys sy liefde vir/toegeneentheid aan haar./dat hy homself as die broodwinner/beskermer beskou. ✓ | 1 |
| 15.4 | Ja<br>Dit dui op/beklemtoon Cavernelis se desperaatheid om uit die township weg te kom. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie*.<br><br>**EN**<br><br>Cavernelis het twee beroepe beoefen./<br>Cavernelis het Blanchie prostitusie laat beoefen (as ekstra inkomste)./<br>Maud maak klere vir ander mense. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Cavernelis het selfdood gepleeg./Blanchie kry nie die modelkontrak nie. ✓ | 1<br><br>2<br><br>1 |
| 15.5 | Frustrasie/spot/verontwaardiging ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 15.6 | Dialoog:<br>La Guma bly oor die tronk praat, al word hy deur Cavernelis in die rede geval./<br>Cavernelis gaan voort om oor hulle bevryding te praat ten spyte van La Guma se onderbreking./Die woord "anyway" wys dat Cavernelis met sy oorspronklike gedagtegang voortgaan. ✓<br><br>**EN**<br><br>Neweteks:<br>Die neweteks *"(luister nie)"* wys dat La Guma vir Cavernelis ignoreer./<br>*"(... maar dié let dit skaars op)"* wys dat La Guma nie ingestel op Cavernelis is nie. ✓ | 1<br><br>1 |
| 15.7 | Map (Jacobs)/Johnny ✓ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.8 | Ja<br>Miss Africa het 'n aandeel daarin dat Map in aanmerking kom vir parool./<br>Miss Africa laat Map glo dat sy hom sal help om 'n werk te kry na sy vrylating./<br>Miss Africa moedig Map aan om eerlik te wees oor alles wat hy gedoen het./veroorsaak dus dat Map se verhouding met sy ma/Blanchie herstel word. ✓✓<br><br>*Die kandididaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 15.9 | Cyril het 'n swakheid vir mooi vroue./Hy is neerhalend/afbrekend teenoor vroue.✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Hy "moveer" vir Blanchie dat sy styl het./mooi aantrek.✓<br>Hy is neerhalend teenoor Blanchie as sy op pad is masseersalon toe vir werk.✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br><br>1<br>1 |
| 15.10 | Richie, want hy wys die heeltyd vir Cyril daarop dat hy neerhalend van ander praat./gemeen is./hy kapittel hom. ✓<br><br>**EN**<br><br>'n Mens sou verwag dat Richie wat die hele tyd vir Cyril teregwys nie sulke uitlatings sal maak nie, MAAR hier is hy venynig teenoor La Guma met sy woorde dat hy in 'n rooi track suit gebore is. ✓<br><br>*Die kandidaat moet albei kante van die ironie vir EEN punt aanbied.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 15.11 | Uitsigloosheid/vasgevangenskap/ontvlugting ✓<br><br>**EN**<br><br>Maud ✓<br><br>**EN**<br><br>Maud kritiseer omdat hulle raas wanneer hulle speel EN La Guma kritiseer vanuit 'n politieke agtergrond. ✓<br><br>*Die kandidaat moet in sy antwoord na Maud en La Guma vir EEN punt verwys.* | 1<br><br><br><br>1<br><br><br><br>1 |
| 15.12 | Hy wil hulle kwaad maak./uittart./uitlok oor Map. ✓<br><br>**EN**<br><br>Cyril en Richie vererg hulle bloedig vir hom./jaag hom weg. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

***MIS* – Reza de Wet**

**VRAAG 16: *MIS* – Reza de Wet – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

| **NASIENKODES** | |
|---|---|
| **R** | **Ruimte** |

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **MIEM** | | |
| **Visuele en geïmpliseerde binneruimte:** | | |
| **Miem is vasgevang in haar huis, want sy moet voorsorg tref deur die deure op die aand van onheil te sluit.** | Die gevaar en onheil van die afgelope twee jaar toe twee meisies verdwyn het, veroorsaak dat Miem in haar ruimte vasgevang is. | Bl. 5*: MIEM: Die gevaar is oral ... Daar is mense wat sê dat dit iets ... bonatuurliks is.*<br>Bl. 7: *MIEM: (onheilspellend) Iets ... onheiligs. Iets wat ronddwaal ... op soek na bevrediging ... van onaardse drange.* |
| | Miem hou vir haar en Meisie letterlik agter slot en grendel. | Bl. 15: *MIEM: Verskoon my tog, Konstabel, maar vannag moet 'n mens versigtig wees. (Loer deur die sleutelgat)* |
| **Die solder was die ruimte waarheen Gabriël hom onttrek het sodat Miem enersyds in 'n smagting na bevryding gedompel is, maar andersyds ook bevryding wil put uit Gabriël se neerdaal vanuit die solder.** | Omdat Gabriël in 'n ruimte so naby aan haar is, bring dit vir Miem die vals bevryding van gemoedsrus deurdat sy glo dat Gabriël sal help sorg dat sy en Meisie veilig is. | Bl. 8: *En as die ergste gebeur, (kyk op, wys na die valdeur) sal hy ons nie in die steek laat nie.* |
| | Miem smag nou al sewe jaar lank dat Gabriël sal afkom sodat sy weer haar man by haar kan hê./van haar rol as broodwinner verlos kan word. Sy glo dat Gabriël uit die solder sal kom as Meisie trou. | Bl. 31: *Vir sewe jaar het ek hom nog nie met 'n oog gesien nie. (Tranerig) Dit is vir my 'n groot beproewing.*<br>Bl. 51: *… Ek is seker hy sal afkom … as Meisie die dag trou.* |

| **Buiteruimte:** | | |
|---|---|---|
| **Die ruimte van die armoedige kleinhoewe aan die rand van die dorp wat al was wat Miem-hulle in die Depressie kon bekostig, laat haar vasgevang voel en sy smag na bevryding.** | Nadat hulle alles tydens die Groot Depressie verloor het, kon hulle net 'n plot aan die buitewyke van die dorp bekostig waar hulle 'n bestaan moes voer. Dit was vir Gabriël een te veel en hy sonder hom af en laat Miem met die verantwoordelikheid as enkelouer en broodwinner. | Bl. 47: *Ons het net genoeg geld gehad om hierdie lappie grond te koop. Hierdie pondokkie. 'n Paar dae nadat ons ingetrek het, was hy skoonveld.* |
| | Sy word vasgevang deur hierdie verantwoordelikheid as broodwinner, wat daartoe lei dat die werf vol hope dieremis lê wat stink en deur haar verkwansel moet word. | Bl. 6: *Meestal beesmis. So dertig perdemis en tien vark. Ja, ons doen goed die maand.* |
| **Die sirkusruimte het 'n angstigheid oor Meisie se veiligheid/gehoorsaamheid by Miem veroorsaak, maar verraai ook Miem se behoefte aan bevryding.** | Miem was diep gebelg deurdat Meisie een aand na die sirkus toe gegaan het en gebruik die insident om 'n skuldgevoel by Meisie te kweek wat aan Miem 'n groter houvas op Meisie gee. | Bl. 7: *Destyds het jou ongehoorsaamheid my diep gegrief. Jy onthou seker hoe siek ek was. Ek kon vir twee weke net gortsop eet!* |
| | Miem het Meisie verbied om sirkus toe te gaan. Sy mag nie na die musiek geluister het of na die liggies geloer het nie. Dit was haar poging om van die angs oor Meisie se veiligheid verlos te word. | Bl. 6: *Vannag moet 'n mens jou ore oop hou. En jou oë. Die gevaar is oral.*<br>Bl. 7: *En vir wat loer jy deur die gordyne?*<br>Bl. 7: *Liggies! Jy weet ek het jou verbied.*<br>Bl. 7: *Dit is 'n euwel!* |
| | Hoewel Miem Gertie daarvoor veroordeel dat sy na die fratse gaan kyk het, is Miem net so gretig soos Meisie om daarvan te hoor, wat toon dat sy ook na iets meer smag as haar eng leefwêreld. | Bl. 12: *Maar kom nou, Gertie. Vertel maar.*<br>Bl. 12: *MEISIE: Oe!*<br>*MIEM: Sssjuut!* |
| **MEISIE** | | |
| **Visuele en geïmpliseerde binneruimte:** | | |
| **Meisie word grootliks ingeperk tot die armoedige huis, wat by haar 'n begeerte na bevryding laat ontstaan.** | Meisie is baie onder die indruk dat haar ma net vir haar het en dat sy altyd werk het om in die huis te doen. Sy verlang egter na die bevryding van 'n ander lewe. | Bl. 27: *My ma het my hier nodig. My ma het net vir my. … Ek kry my werk nooit klaar nie. … Kos, slopemmer! Sakke! … Eers was ons baie ryk. 'n Hoed en 'n rok vir elke dag.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Omdat Miem krampagtig aan Meisie vashou sodat sy haar nie ook verloor nie, perk Miem vir Meisie tot die huis in onder die dekmantel dat sy haar beskerm. | Bl. 41: *Toe maar, my kind. Jy hoef nie bang te wees nie. Hier is jy mos veilig. (Asof sy met 'n kind praat) Soos 'n voëltjie in sy nessie.* |
| **Die solderruimte met Gabriël lewer ook 'n bydrae tot Meisie se gevoel van inperking en die begeerte om daarvan verlos te word.** | Meisie gril vir haar pa se benerige, wit hand as sy hom moet "bedien". Miem laat Meisie skuldig voel oor hierdie houding en kry sodoende nog 'n groter houvas op Meisie. | Bl. 5: *MEISIE: Ek is bang … As ek opkyk, sien ek sy benerige, wit hand.*<br>*MIEM: (sag en kwaai) Skaam jou! Jou eie pa!* |
| | Meisie moet binne die ruimte van die huis sorg vir kos en sy moet Gabriël se slopemmer skoonmaak. Miem en Gertie weier selfs om 'n spatsel uit die slopemmer self skoon te maak. Meisie verlang dus na 'n eksotiese lewe buite die huis. | Bl. 27: *Ek kry my werk nooit klaar nie. … Kos, slopemmer! Sakke!*<br>Bl. 40 en 41: *Kyk daar, Meisie, jy het netnou gestort! Kry 'n lap en vee dit op.* |
| **Uiteindelik open Konstabel die deur en vensters in die kombuis sodat die sirkusmusiek die benouende ruimte binnedring en Meisie daardeur bevry kan word.** | Nadat Konstabel die deur en versters oopgemaak het, moet Meisie kies tussen terugvlug na haar kamer of oorgawe aan die musiek. Uiteindelik dans Meisie op hierdie musiek by die deur uit en betree 'n nuwe, oop ruimte. | Bl. 51 en 52: *Die KONSTABEL maak die gaasdeur oop en sit 'n klip daarvoor. Sy dans na die agterdeur. Voordat sy oor die drumpel dans, staan sy stil en kyk om na die KONSTABEL.* |
| **Buiteruimte:** | | |
| **Die werf met sy stinkende mishope lei tot Meisie se sosiale isolasie en versugting na bevryding.** | Die hope stinkende mis wat op die werf lê veroorsaak 'n gedurige stank en gevolglik ontvang hulle geen besoekers nie. | Bl. 26: *KONSTABEL: Werklik Juffrou? Kry u nie besoekers nie? MEISIE: Ek dink dis oor die mis.*<br>Bl. 26: *Daar's baie mis op die werf. Groot hope mis … Maar dit stink!*<br>Bl. 26: *En dis hoekom … niemand wil kom kuier nie …* |
| | Hierdie misstof dring die huis binne terwyl sy ook sakke moet maak om dit in te verpak. Dit veroorsaak dat Meisie altyd moet werk en nie tyd het om die buitewêreld te ervaar nie. | Bl. 27: *Ek kry my werk nooit klaar nie. Elke dag is als vol stof.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Miem stel die onbekende buiteruimte as 'n gevaar voor waarvan sy Meisie moet beskerm en daarom voel Meisie ingeperk en groei haar behoefte aan bevryding.** | Die geluide uit die buiteruimte/ Miem se voorstelle van die gevare wat daar skuil, maak Meisie bang. Miem buit dit uit om Meisie onder haar duim/van haar afhanklik te hou, wat bydra tot Meisie se inperking en haar behoefte aan bevryding laat toeneem. | Bl. 6: *Vannag moet 'n mens jou ore oophou. En jou oë. Die gevaar is oral.*<br>Bl. 7: *MIEM: (onheilspellend) Iets ... onheiligs. Iets wat ronddwaal ... op soek na bevrediging ... van onaardse drange.*<br>*MEISIE: O, dis verskriklik.*<br>Bl. 8: *Toe maar, my kind. Ek sal jou beskerm teen alle gevaar.* |
| **Die perskeboom op die werf speel wel 'n bepalende rol in Meisie se uiteindelike bevryding.** | Meisie het haar pa se slopemmer gaan uitgooi. Konstabel het haar gehelp en hulle het onder die perskeboom gestaan en gesels waar hy met haar 'n afspraak kon maak om hom die aand, nadat almal gaan slaap het, in die kombuis te ontmoet, waar Meisie se bevryding voltrek sal word. | Bl. 39: *Onder die perskeboom. Hulle praat met mekaar.*<br>Bl. 50: *Ek het gehoor hulle gaan slaap. Toe kom ek maar. Jy het gesê my aannemingsrok.* |
| **Die sirkusruimte dra by tot Meisie se inperking én haar behoefte aan bevryding.** | Die liggies en musiek van die sirkusruimte verteenwoordig vir Meisie 'n eksotiese buitewêreld waarna sy smag. | Bl. 11: *MEISIE: (opgewonde) Is daar baie liggies en is die tent groot?* |
| | Die nag toe sy wegloop na die sirkus bied vir haar eers tydelike bevryding, maar word daarna 'n manier waarop haar ma haar nóg meer inperk en verbied om enigsins met die sirkus om te gaan. | Bl. *29: Ek lê in die donker en luister na die musiek ... Die musiek word harder en harder. Ek klim deur die venster, spring af tussen die rose, gaan deur die tuinhekkie en hardloop na die skougronde.*<br>Bl. 29: *(Oorstelp van vreugde) Die meisie spring uit en alles is reg, sy's weer heel!*<br>Bl. 28: *Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen.* |
| | Uiteindelik is dit die musiek uit die sirkusruimte wat daartoe lei dat Meisie bevry word. | Bl. 51: *(Maak die venster oop) Sirkusmusiek word gehoor. ... Die KONSTABEL maak vinnig die deur oop. Die musiek is nou harder.*<br>Bl. 51: *Die KONSTABEL maak die gaasdeur oop en sit 'n klip daarvoor. Sy dans na die agterdeur. Voordat sy oor die drumpel dans, staan sy stil en kyk om na die KONSTABEL.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 17.1 | Miem verwys na Gertie se besluit om (ter wille van veiligheid) na Miem se huis toe te kom. ✓ | 1 |
| 17.2 | 31 Augustus 1936/die laaste aand van Augustus 1936 ✓<br><br>**EN**<br><br>Hulle moet saamstaan teen die gevaar wat die vorige twee jaar vir die verdwyning van die meisies verantwoordelik was.✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 17.3 | Dit skep die verwagting dat iemand weer gaan verdwyn/doodgaan soos wat die bygeloof impliseer. ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Meisie verdwyn wel aan die einde van die drama (saam met die konstabel).✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 17.4 | Neweteks/toneelaanwysings ✓<br><br>**EN**<br><br>Die huilwind skep 'n onheilspellende stemming. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 17.5 | Miem verwag dat haar huis veiligheid sal bied/dat haar voorsorgmaatreëls hulle veilig sal hou, MAAR in werklikheid sal sy later (onwetend) die gevaar/Konstabel in haar huis innooi. ✓<br><br>*Die kandidaat bied beide kante van die ironie vir EEN punt aan.* | 1 |
| 17.6 | Miem se besluit veroorsaak dat Meisie alleen in haar kamer slaap en maklik kan wegglip./haar ma of Gertie Meisie nie hoor wanneer sy haar kamer verlaat nie./na Konstabel toe gaan nie. ✓ | 1 |
| 17.7 | Bevryding ✓ | 1 |
| 17.8 | Die blaffende honde is vir die vroue 'n aanduiding dat die polisiemanne en hulle honde in die omgewing is om hulle veilig te hou./op te pas./dat die sersant na Gertie/Miem geluister het toe hulle hul vermoedens oor die gevaar met hom gedeel het. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die gevaar van die aand/Dit wat almal oor die aand vrees, is die rede waarom Konstabel en die honde daar is./Beide die honde en Konstabel is daar om die vroue se veiligheid te verseker./Die honde se geblaf maak Konstabel se teenwoordigheid geloofwaardig. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 17.9 | Reël 3 en 4: Dominerend/bevelend/beterweterig ✓<br>Reëls 6 tot 9: Vertroostend/goedgelowig ✓<br><br>**EN**<br><br>Miem se dominerende/bevelende/beterwetige aard veroorsaak dat Meisie nie toegelaat word om vir haarself te dink nie,/'n jongmenslewe van haar eie het nie,/al die werk in die huis moet doen,/nie 'n eiewaarde het nie wat veroorsaak dat sy vasgevang voel./na bevryding smag./ontevrede/ gefrustreerd met haar uitsiglose bestaan is. ✓ | 1<br>1<br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 17.10 | Gertie probeer voorgee dat sy omgee./'n simpatieke mens is. ✓<br><br>**EN**<br><br>Sy wil graag alleen by die konstabel wees (om hom te oortuig dat sy die regte vrou vir hom is)./<br>Sy wil die konstabel oortuig dat sy 'n beter "vangs" as Meisie is./<br>Sy wil by die konstabel uitvind aan wie sy hom herinner. ✓<br><br>**EN**<br>Ja<br>Dit wys dat sy opgewonde is/daarna uitsien om alleen saam met die konstabel te wees./giggel omdat sy positiewe aandag van die konstabel af ontvang./sy ingenome is dat die konstabel haar as "Juffrou" aanspreek./<br>Dit versterk die gedagte dat Gertie se optrede teenoor Konstabel belaglik/tevergeefs/onvanpas is.<br><br>**OF**<br>Nee<br>Sy tree nie volgens haar ouderdom op nie./<br>Dit is ongeloofwaardig dat sy ten spyte van al die tekens dink dat die konstabel in haar belangstel. ✓ | 1<br><br><br><br><br><br><br>1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 17.11 | Die konstabel het 'n reëling met Meisie getref dat sy hom om middernag (kaalvoet in haar aannemingsrok) in die kombuis moet ontmoet. ✓<br><br>**EN**<br><br>Miem het vir Meisie buitentoe gestuur om Gabriël se slopemmer uit te gooi en Konstabel het aangebied om haar te help./<br>Miem het toegelaat dat die konstabel Meisie help om die slopemmer uit te gooi. ✓<br><br>**EN**<br><br>Na twaalfuur breek 'n nuwe dag en datum aan./behoort die moordenaar/ verkragter nie meer 'n bedreiging te wees nie. ✓ | <br>1<br><br><br><br><br><br>1<br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 17.12 | Miem dink sy kan vir Meisie beskerm omdat sy haar by die huis hou./nie laat uitgaan nie./<br>Miem dink Gabriël sal hulle kan beskerm./<br>Miem dink die feit dat sy die venster gegrendel het, sal hulle beskerm./<br>Miem dink die feit dat sy die deur gesluit het, sal hulle beskerm./<br>Miem dink dat Wagter hulle sal beskerm. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Alhoewel die konstabel oënskynlik 'n vreemdeling is, het Wagter nie vir hom geblaf nie. ✓<br>'n Blinde konstabel sal hulle nie effektief teen 'n aanvaller kan beskerm nie. ✓ | 2<br><br><br><br>1<br>1 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: [25]**

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD**<br><br>Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>6 PUNTE | 5–6 | 4 | 3 | 2 | 0–1 |
| | Diepgaande interpretasie van onderwerp | Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer | Redelike interpretasie van die onderwerp | Onbevredigende interpretasie van die onderwerp | Geen begrip van die onderwerp nie |
| | Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is | Respons redelik gedetailleerd Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie | Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie | Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie | Geen verwysing na die gedig nie |
| | Uitstekende begrip van die genre en gedig | Begrip van genre en gedig duidelik | Basiese begrip van genre en gedig | Onvoldoende begrip van genre en gedig | Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| **STRUKTUUR & TAAL**<br><br>Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>4 PUNTE | 4 | 3 | 2 | 1 | 0–1 |
| | Samehangende struktuur | Duidelike struktuur en logiese vloei van argument | Enkele bewyse van struktuur | Struktuur toon tekens van swak beplanning | Struktuur swak |
| | Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling | Vloei van argumente kan gevolg word | 'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel | Argumente nie logies gerangskik nie | |
| | Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | Taalgebruik, grootliks korrek | Geringe taalfoute | Taalfoute beduidend | Ernstige taalfoute |
| | Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | Toon en styl is grootliks korrek | Toon en styl meestal gepas | Toon en styl nie geskik nie | Foutiewe styl |

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | 12–15 | 9–11 | 6–8 | 4–5 | 0–3 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>15 PUNTE | Diepgaande interpretasie van onderwerp | Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer | Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie | Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie | Geen begrip van die onderwerp nie |
| | Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13 | Respons redelik gedetailleerd | Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp | Min punte wat die onderwerp ondersteun | Swak poging om die vraag te beantwoord |
| | Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is | Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie | Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie | Baie min relevante argumente | Argumente oortuig nie |
| | Uitstekende begrip van die genre en teks | Begrip van genre en teks duidelik | Basiese begrip van genre en teks | Weinig begrip van genre en teks | Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| **STRUKTUUR & TAAL** | 8–10 | 6–7 | 4–5 | 2–3 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | Samehangende struktuur | Duidelike struktuur | Enkele bewyse van struktuur | Struktuur toon tekens van swak beplanning | Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente |
| | Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling | Logiese vloei van argument | Logika en samehang is duidelik, maar met foute | Argumente nie logies gerangskik nie | Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk |
| | Uitstekende inleiding en Slot | Inleiding, slot en ander paragrawe samehang-end georganiseer | Paragrafering meestal korrek | Paragrafering foutief | Paragrafering foutief |
| | Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas | Taalfoute beduidend<br>Toon en styl nie geskik nie | Styl en toon nie geskik nie |
| **PUNTE VERSPREIDING** | 20–25 | 15–19 | 10–14 | 5–9 | 0–4 |

Kopiereg voorbehou